

DIE SATIRE BY HORATIUS

deur

M. J. H. DU PLESSIS.

DIE SATIRE BY HORATIUS

deur

MARTHINUS JOANNES HENDRIK DU PLESSIS.

VERHANDELING VOORGELE TER GEDEELTELIKE
VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT
LETTERE EN WYSBEGEERTE (Departement Latyn)

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Leier: PROF. DR. W.N. COETZEE.

Ingehandig: Maart 1963.

VOORWOORD.

Die satire van Horatius word ook in die jongste tyd, nadat reeds bekende aspekte anders geaksentueer is of in 'n nuwe verband geplaas is, nog in 'n groot mate as 'n aparte, losstaande afdeling van sy werk geïnterpreteer. F. Klingner het in 1929 reeds 'n nuwe rigting ingeslaan deur te wys op die noodsaaklike eenheid in Horatius se werke. Hierdie ondersoek wil hierop voortbou en huis die satire (na die besondere opvatting van Horatius), as sentrale punt sien in die ontwikkelingsgang van Horatius se werke.

Dit is nie die doel om die werke van Horatius kronologies te bespreek nie. Na 'n behandeling van die aard van Horatius se satire volg die vraag of die satire voortgesit is in die Epistulae, om daarna weer terug te kom tot satiriese elemente in die Ode.

My dank gaan in die eerste plek aan my leier, prof. W.N. Coetzee, wat my belangstelling in die rigting van die Romeinse satire en meer bepaald in Horatius help ontwikkel het. Veral waar sy leiding en vorming in hierdie werk meer as sy noodsaaklike plig gevverg het, is

ek aan prof. Coetzee my oopreggevoelde dank verskuldig.
Ook die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek
van wie daar soms baie meer geverg is as wat van 'n
lener verwag word, en wat gehelp het met die opsporing
en verkryging van werke wat vir my andersinds uiters
moeilik bekombaar sou wees, wil ek hartlik bedank.

(i)

INHOUDSOPGawe.

VOORWOORD.

HOOFSTUK I.

INLEIDEND: DIE BETEKENIS VAN DIE SATIRE EN DIE ALGEMENE VERSKYNSEL VAN SATI- RIESE ELEMENTE IN DIE LATYNSE EN GRIEKSE LETTERKUNDE.

a) Inleiding.	1.
b) Die betekenis van satire.	2.
c) Satiriese elemente in die Griekse en Latynse letterkunde.	7.
Samevatting.	9.
Aantekeninge.	11.

HOOFSTUK II.

DIE ONTSTAAN VAN DIE LATYNSE SATURA AS 'N LET- TERKUNDIGE GENRE.

Inleiding.	13.
A. Die oorsprong van die woord „Satura”.	14.

Die Griekse Satyroi 15/Lanx 16/	
Farcimen 16/ Lex 16.	
B. Die ontstaan en ontwikkeling van die "satura" as 'n letterkundige genre.	23.
a) Satiriese elemente in Griekse letterkunde: Invloed op Latynse satire en verskille	24.
i. Jambiese versmaat 24/ ii. Griekse Komedie 26/ iii. Die Diatrebe 29/ iv. Mimus 32.	
b) "Satura" 'n suiwer Romeinse genre?	
Quintilianus X. i, 93.	34.
c) Die aard en ontwikkeling van die Satire by Ennius en Lucilius.	37.
Quintus Ennius 38/ Lucilius 40/ Die benaming "Satura" 45.	
Aantekeninge.	48.

HOOFSTUK III.

HORATIUS AS SATIRIKUS.

Inleiding.

A. Satire in die Epode.	57.
B. Benadering van Lucilius.	65.
C. Die Sermones.	70.
i. Benaming.	70.

(iii)

ii. Bespreking.	75.
D. Die Satire voortgesit?	89.
i. Die Briewe.	89.
ii. Satiriese elemente in die Ode.	102.
Samevatting.	113.
Aantekeninge.	114.

HOOFSTUK IV.

BESLUIT.

Die eie Aard van Horatius se Satire.	120.
Samevatting.	130.
Aantekeninge.	137.

BIBLIOGRAFIE.

A. Tekste en algemene werke.	140.
B. Tydskrifte, reekswerke en Ensiklopedieë.	146.

HOOFSTUK I.

INLEIDEND: DIE BETEKENIS VAN DIE SATIRE EN DIE ALGEMENE VERSKYNSEL VAN SATIRIESE ELEMENTE IN DIE LATYNSE EN GRIEKSE LETTERKUNDE.

a. Inleiding: Die opbloeи in die navorsing oor die Romeinse satire gedurende die eerste helfte van hierdie eeu is ener-syds te danke aan die toenemende erkenning van die betekenis van die Hellenistiese filosofie (veral die Stoïsuns-Cyniese diatribe) vir die gedagtewêreld en die uitdrukkingsvorme van die Romeinse satireskrywers; andersyds is dit te danke aan die opheldering van die aanvangsfase in die ontwikkeling van die satire, asook aan die grondiger en breër begrip van Lucilius ⁽¹⁾. Hierdie opbloeи is veral gestimuleer deur F. Marx ⁽²⁾ en op sy werk bou voort F. Leo, C. Cichorius, W. Schmitt en G.C. Fiske ⁽³⁾, wat almal ook bygedra het tot die interpretasie van Horatius se satire. Op hierdie gebied is die persoonlike ontwikkeling, asook die afhanklikheid en navolging van die Hellenistiese geesteswêreld en van Horatius se onmiddellike voorgangers duidelik gestel, waarby natuurlik ook rekening gehou is met die selfstandigheid en oorspronklikheid van Horatius self.

Die navorsing op die gebied van Horatius se satire het in die jongste tyd veral daarin vordering gemaak dat die

voorgangers van Horatius, veral Lucilius, in 'n helderder lig gestel is. In die gevolglike vergelyking met andere het nuwe aspekte van Horatius se satire na vore gekom, of die reeds bekende aspekte is anders geaksentueer en in 'n nuwe verband geplaas. Dieselfde geld ook vir die satire-skrywers wat volg op Horatius. So het die beter kennis van die persoonlikheid en werke van Persius en Juvenalis die eie aard van Horatius in 'n besondere mate na vore gebring. Erich Burck (4) som hierdie situasie soos volg op: „Man kann sogar ohne Übertreibung sagen, dass diese zweiseitige Anblendung und Ausleuchtung der horazischen Satiren in den vergangenen dreissig Jahren mehr zu einer Bereicherung unseres Verständnisses der horazischen Satirenbücher beigebragen hat als die immanente Satireninterpretation".

Om tot 'n tipering van Horatius se satire te kom, sal in die tweede hoofstuk van hierdie werk die aandag oorsigtelik bepaal word alleenlik by Horatius se voorgangers, veral Lucilius, waar reeds 'n mate van tradisie en grondleggende konsepsie van die Romeinse satire vasgelê is (5). Vir dieselfde doel sal hier in die inleidende hoofstuk kortliks gehandel word oor die algemene opvatting van die karakter en funksie van satire.

b. Die betekenis van satire: Hier moet versigtig onderskei word tussen "satire" met die betekenis van die formele

3.

satire as genre, en „satire” in die betekenis van „die satiriese”. Hierdie onderskeid is van belang waar die satire in die Griekse en Latynse literatuur teenoormekaar gestel moet word. In sy breër konnotasie kom satire wel voor in verskeie vorme van die Griekse literatuur, trouens in alle literatuur, ook die Bybel (e.g. 1 Kon. 18:27).

Volgens Ulrich Knoche⁽⁶⁾ moet ons onder „satiriese” 'n bepaalde geesteshouding verstaan wat die verskil tussen ideaal en werklikheid so stel dat die werklikheid as 'n afwyking wat afsku verwek, blootgelê word. Die Oxford New English Dictionary gee as 'n definisie van satire: „In early use a discursive composition in verse treating with a variety of subjects; in classical use a poem in which prevalent follies or vices are assailed with ridicule or with serious denunciation”.

Die tipering van satire moet alle aspekte van satire in aanmerking neem: die humor, die plat-komiese, die skokkend-ontblotende en die suiwer veroordelende aanval, maar die een bestanddeel wat al hierdie aspekte insluit is die kritiese gees. Edgar Johnson⁽⁷⁾ sê: „The one ingredient common to all these activities, from satire in cap- and bells to satire with a flaming sword, is criticism. Even laughing satire is laughing at, not merely irresponsible laughing. It invites us to lift up our eyebrows

and mock. It (satire) merely focuses our gaze sharply upon the contrast between things as they should be and as they are". Die algemene opvatting is dat satire nie alleenlik sensuur, bedruktheid en die suiwer polemiese bevat nie, maar „the very satirists who most vehemently and solemnly claim it as an instrument of castigation often have a lot of gaiety in their satire" (8). Aan die ander kant weer, is dit nie nodig dat satire met die komiese (9) bewapen of verbloem word nie, maar die verband moet tog bewaar bly as die spottend-komiese: „There must, indeed, always be a kinship between satire and comedy. They are linked on the ground of social outlook: they are alike dependant for success on that power of observation which creates and guarantees their realism" (10). Duff (11) vestig ook die aandag daarop dat satire vir sy sosiale belange altyd gepaard gaan met 'n didaktiese oogmerk wat verband hou met die werklikheid.

„In satire observation and fidelity to what is observed, not only externally, but also psychologically in the deeper realm of character, constitute a realistic check upon the unlicensed imagination: they guarantee a certain self-control and restraint which appear admirably represented in Horace Satire, then, can never

5.

exist successfully far apart from real things and real character" (12).

Met sy „de te fabula narratur" gaan Horatius reguit op die punt af. In hierdie opsig is satire „a literary medicine for a world morally and socially out of health; and if this holds good, the satirist is a kind of doctor" (13). Om hierdie rede vind satire dan dikwels 'n onaangename ontvangs, soos wat Horatius dit in sy satire, bk. II, 1 bekla. Die waarhede wat in 'n bedorwe wêreld aan die lig gebring word, het sosiale hervorming as oogmerk. Daarom kan die satiris se aanval nie bloot afbrekende kritiek inhoud nie. „His very attack argues some belief in progress" (14). Die funksie van satire is nie bloot om steke toe te dien of om te amuseer nie. 'n Konstruktiewe element is teenwoordig in die sosiale kritiek van Horatius se humor en Juvenalis se woede (15).

Hierdie idee van humor en diepe erns wat daarmee saamgaan by Horatius, word vervat in die Griekse term *το γένους οἰκογένειαν*, *τρούπαρχελαῖον*. In die satire is daar tog ook meegevoel met die menslike swakhede. Horatius verstaan die tekortkominge van die mens, ook Juvenalis kom tot die gevolg trekking dat trane die bewys is dat die mens 'n sagte hart het (16).

Hendrickson (17) is van mening dat die klassieke konsepsie van die funksie van satire te eng is, veral soos dit blyk uit die definisie van Diomedes: „Carmen apud Romanos maledicum et ad carpenda hominum vitia archaeae comodiae charactere compositum (Gram. Lat. I, 485).

Met die humor en ironie hou hierdie definisie nie rekening nie. Hy noem bv. die satiriese gees in die komedies van Aristophanes wat deur die ouer Duitse sowel as Engelse kritici van Aristophanes ingesien is as (18):
 ridicule jest for ultimate ends artistic, moral, political, patriotic - that is for satire. It is time, I think, to urge per contra that his (Aristophanes') satire is for the most part not the end, but the means, the material - *τό τέλος, γέλως*.

Volgens Hendrickson kom die Griekse woord *κωμῳδεῖν* die naaste aan die konsepsie van „satiriseer“. Daar is dus 'n verskil van die opvatting van Johnson (19), wat die komiese nie as absolute voorwaarde stel nie. „But the one comprehensive term which embraces satire in all its forms and nuances is simply "laughter" - *γέλως, γέλας*. - the laughter of amusement and raillery, of irony, of scorn, of anger, penetrating the mask of pretence, demolishing false and restoring true values by the solvent of reality“ (20).

Die sg. „character Lucilianus”, as die vryheid en waaghalsigheid van persoonlike aanval is later, veral na Horatius, ingesien as die algemene satiriese gees, en daarvandaan is ook afkomstig die idee van ernstige persoonlike aanval, en wat, eienaardig genoeg, na Lucilius tog vreemd was aan die Romeinse satire.

c. Satiriese elemente in die Griekse en Latynse Letterkunde: Soos in die moderne literatuur, word satire ook oor die algemeen aangetref in die Latynse literatuur. Dit kom voor in die drama, bv. die Aulularia van Plautus (300 sqq.), so ook die retoriek, in die „Controversiae” van die ouer Seneca, die brieue van die jonger Seneca ens. Sonder om volledige bewysplase hier aan te haal, stem ons saam met Bickel (21) wat in die satiriese gees 'n element eie aan die Italiaanse volk sien. „Ausserdem geht bei der Satire die innere Haltung des Spottes und der beissenden Angriffslust auf ein Element der Italischen Volksveranlagung zurück”. Maar die punt is nou dat vir geeneen van hierdie werke waarin satire voorkom die woord „satura” as 'n generiese term gebruik is nie. Ander woorde soos irrigatio, illusio, vituperatio, insectatio, acerbitas, dissimulatio (ooreenstemmend met die Griekse *εἰρωνεία*) cavillatio, facetiae, sales of Horatius se sal niger sou gebruik word om die verskillende passasies waarin

'n satiriese gees voorkom te tipeer⁽²²⁾. In die mate wat 'n satiriese element voorgekom het in verskillende vorms in die Griekse literatuur, was dit gewoonlik 'n mengeling van die belaglike en didaktiek (*το στρατηγικόν*). In die Latynse literatuur is die satire heelwat meer ontwikkel. Dit het 'n eie vorm gekry met die hexameter as die klassieke metrum soos beoefen deur die grootste skrywers, Lucilius, Horatius, Persius en Juvenalis⁽²³⁾. Hierdie skrywers maak gebruik van verskillende metodes na gelang van persoonlike temperament of tema, om die skerp aanval, ironie, humor, burlesk of bespotting, dialoog, fabels en kritiek te hanteer.

Daar is baie Griekse voorbeelde van genres wat 'n satiriese gees bevat. So is daar al in pogings om Griekse voorbeelde vir die Romeinse satire te vind, verwys na die satiriese epos, die komedie, die mimus, jambus, cyniese diatribe en hellenistiese biografie, epigram ens. Dr. C.A. van Rooy, asook W.J. Richards⁽²⁴⁾, het 'n volledige oorsig van hierdie Griekse genres en die moontlike invloed wat hul op die Romeinse satura kon hê, gegee. Hier word dus nie verder daarop ingegaan nie.

Nieteenstaande al hierdie voorbeelde van satiriese elemente in die Griekse letterkunde, kan mens nie die poëtiese satire van die Romeine as genre uit die Grieks-

herlei nie.

"Sie ist ein Phänomen eigener Art, das durch die Aufnahme sehr verschiedenartiger griechischer Anregungen seine Eigenart durchaus nicht eingebüsst, sie vielmehr gerade dadurch erst in ihrer Bedeutung und Vielseitigkeit entwickelt hat. Auch von den Griechen wurde die römische Satire als etwas Fremdes, spezifisch Lateinisches empfunden" (25).

As voorbeeld haal Knoche aan uit Lydus, Mag. 1,41:
 $\mu\acute{e}l' \acute{e}v$ (sc. Lucilius) $\kappa\acute{i} \tau\acute{o}s \mu\acute{e}t' \alpha\acute{u}tov,$
 $\acute{o}s \kappa\acute{a}kousi Pauptioi satyrikous.$

Ook die begrip van 'n Romeinse satire as vaste kuns-vorm is in twyfel getrek op grond van die feit dat die betekenis van die Latynse digwerke meer berus op die eie individualiteit van die digter as op 'n suiwere tradisie van afsonderlike genres, sodat Wilamowitz so ver kon gaan om te verklaar dat:

"..... es gäbe keine Lateinische Satire, es gäbe nur Lucilius, Horaz, Persius und Juvenal" (26).

Samevattend kan ons dus sê dat die navorsing op die gebied van die satire vanaf die begin van hierdie eeu die eie aard van Horatius se satire na vore gebring het. Om hierdie eie aard later te tipeer is daar inleidend

en slegs kortliks gelet op die meer algemene aspekte van satire. Hieruit blyk dan dat satire as genre uitsluitlik deur die Romeine beoefen was, hoewel daar baie Griekse satiriese werke bekend is.

By satire word 'n kritiese gees veronderstel, dit handel oor die werklikheid en is dus aktueel. Eeuwels word geopenbaar, meestal op persoonlike polemiese wyse, en 'n komiese inslag word aangetref in ironiese voorstellings. Satire is die middel tot 'n hervormende, didaktiese oogmerk en bevat dus 'n ernstige konstruktiewe element.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK I.

1. Vir 'n volledige oorsig sien Kiessling/Heinze, Q. Horatius Flaccus, Satiren, onder Nachwort und bibliographische Nachträge von Erich Burck, p. 353 sqq.
2. In 1904 verskyn 'n nuwe uitgawe van F. Marx van die fragmente van Lucilius; C. Lucili carminum reliquiae, Leipzig, 1904.
3. Kiessling/Heinze, loc. cit.
4. Kiessling/Heinze, op cit., p. 367.
5. Hoofstuk II, p. 35 sqq.
6. Ulrich Knoche, Die Römische Satire, p. 7:
„Wir verstehen unter „satirisch“ eine bestimmte geisteshaltung, die, wie Schiller sagt, der elegischen entgegen gesetzt ist, die von der spannung zwischen Ideal und Wirklichkeit lebt und danach trachtet, die Wirklichkeit als einen Gegenstand der Abneigung, ja des Abscheus ins Gewand der Utopie gekleidet wird“.
7. Edgar Johnson: A treasure of Satire, p. 7 en 12.
8. Johnson, op. cit. p. 5.
9. Johnson, op. cit. p. 6.
10. J. Wight Duff, Roman Satire, p. 6.

11. Duff, op. cit. p. 6. "In Satire the social interest is coupled with a didactic aim....."
12. Duff, op. cit. p. 7, 8.
13. Duff, op. cit. p. 8.
14. Duff, loc. cit.
15. Duff, op. cit. p. 9.
16. Juvenalis, XV. 131 sqq.
17. G.L. Hendrikson, "Satura tota nostra est". Classical Phil. Vol. 22, 1927, p. 49.
18. G.L. Hendrickson, loc. cit.
19. Vide nota 9, p. 4.
20. Hendrickson, op cit., p. 52.
21. Bickel, Geschichte der Römischen literatur, p. 492.
22. Duff, op cit. p. 13.
23. Duff, p. 10.
24. Vir 'n volledige samevatting van die aansprake van die Griekse letterkunde t.o.v. die satire, sien C.A. van Rooy, Probleme aangaande die Latynse Satire, met verwysing na samehangende probleme in die Griekse letterkunde, pp. 249 sqq., asook W.J. Richards, Die vereistes vir Romeinse Satireskrywing, pp. 84 - 93.
25. Ulrich Knoche. Die Römische Satire, p. 8.
26. Knoche (p.8) haal aan uit Wilamowitz, Grieschische Verskunst, Berlin, 1921, p. 42.

HOOFSTUK II.

DIE ONTSTAAN VAN DIE LATYNSE SATURA
AS 'N LETTERKUNDIGE GENRE.

Inleiding: Professor Nettleship van Oxford het meer as 'n driekwart eeu gelede 'n onderwerp begin oor „The Original form of the Roman Satura,"⁽¹⁾ waarin hy die probleem aangaande die satura behandel. Sedertdien is 'n geweldige hoeveelheid aandag daaraan gewy⁽²⁾, d.w.s. die woord „satura" in sy oorspronklike en afgeleide of ontwikkelde betekenisse, die gebruik daarvan as titel, en die gebruik daarvan deur Livius as naam van 'n sekere vorm van die drama. In die jongste tyd het hierdie nog onbevredigend opgeloste probleem die belangstelling gaande gemaak van dr. C.A. van Rooy, van wie daar vanaf 1949 artikels verskyn het⁽³⁾, asook 'n dissertasie in 1951⁽⁴⁾ wat die probleem na ons mening bevredigend opgelos het. In 1956 het W.J. Richards in sy verhandeling⁽⁵⁾ die sienswyses van dr. van Rooy ook ondersteun.

Aangesien dit ons doel is om in hierdie hoofstuk die tradisie van die Romeinse satireskrywing, vanaf die oorsprong van die term wat aan die genre toegeken is, kortlik na te gaan om te kom tot by Horatius se

beoefening daarvan, sal ons hier feitlik uitsluitlik gebruik maak van die insiggewende gevolgtrekkings van C.A. van Rooy. Enkele ander sienswyses sal ter wille van volledigheid genoem word.

Dr. C.A. van Rooy bespreek agtereenvolgens die afleiding, grammatische vorm en oorspronklike betekenis van die woord *satura*; die ontstaan van 'n abstrakte selfstandige naamwoord „*satura*” met betekenis „mengsel, mengelmoes”, vervolgens die toekenning van hierdie naam, „*satura*” met die betekenis „bundel mengeldigte”, aan 'n letterkundige genre waarvan die skepper, volgens tradisie, Quintus Ennius was. Die ontwikkeling in die betekenis van die naam van hierdie genre, van „bundel mengeldigte” tot „bundel hekeldigte” en uiteindelik tot „satire” word ook nagegaan (6).

A. Die oorsprong van die woord „*satura*”.

Die taalkundige Diomedes, uit die vierde eeu n. C., het in sy *Grammatici Latini* ook geskryf oor die satire, en teruggegaan tot die oorsprong van die term „*satura*”. „*Satura dicitur carmen apud Romanos nunc quidem male-dicum et ad carpenda hominum vitia archaeae comoediae charactere compositum, quale scripserunt Lucilius et Horatius et Persius; sed olim carmen quod ex variis poematibus constabat *satura* vocabatur, quale scrips-*

erunt Pacuvius et Ennius". As hy kom by die oorsprong van die term „satura", noem Diomedes vier teorieë waarvolgens die letterkundige „satura" aan een van die volgende ontleen kan wees.

1. Die *σάτυρος* (Griekse saters):

Satura autem dicta sive a Satyris, quod similiter in hoc carmine ridiculae res pudendaque dicuntur velut quae a Satyris proferruntur et fiunt.

2. Van 'n skottel ("lanx") genaamd „satura".
3. Van 'n soort vulsel ("farcimen") met 'n verskeidenheid van bestanddele, genaamd „satura".
4. Van 'n „mengelmoes-wet" genaamd „satura", wat voorkom in die frase „per saturam".

Wat die afleiding van die woord „satura" betref, wil van Rooy ⁽⁷⁾ dit terugvoer tot die byvoeglike naamwoord „satur" wat „vol" beteken, of letterlik „sat", in die sin van „vol van voedsel". So ook Ulrich Knoche ⁽⁸⁾: „Die Etymologien 2 bis 4 des Diomedes haben das Gemeinsame, dass sie alle das Wort satura mit dem Lateinischen Adjektiv satur = voll, gefüllt, satt, in Verbindung setzen. Damit ist der richtige Weg gewiesen: will man das Wort vom lateinischen her deuten, dann muss man von dem adj. satur Ausgehen, nicht von dem warscheinlich

erst sekundären Substantiv. Das Adjektiv Satur, indogermanischen Stammes, gehört zu einem in Lateinischen höchst lebendigen Wortfamilie, wie saturitas, saturare, satis, satietas, satias und andere Bildungen mehr beweisen."

1. Van Rooy verwierp die verskillende teorieë oor die vermeende verband tussen "satura" en σάτυρος d.w.s. die Griekse saterspelers (9), so ook Ullman (10), wat skryf "scholars have in the more recent years rightly rejected the first", d.w.s. die afleiding van σάτυρος af (11).

2. Lanx: Van die "lanx" genaamd "satura" getuig Vergilius in twee passasies van sy Georgica, nl. Georg. II, 194 en 394. Ullman (12) meen dat die "lances" wat hier ter sprake is, nie "lanx" in die betekenis van "satura" is nie, maar bloot "lanx". Van Rooy is egter oortuig van die teendeel, en bewys by nadere beskouing van die Vergilius-passasies dat ons wel te doen het met die seremoniële "lanx" in die betekenis van "satura" soos Diomedes beweer. Ondersteuning vir hierdie siening word ook gevind in die Horatiese skolia (praef. Sat. I. l.): "satyra dicitur lancis genus," en plerique satyram a lance, quae plena diversis frugibus temple Cereris infertur, nomen accepisse dicunt."

3. Farcimen: Diomedes haal hier ter bevestiging vir Varro aan, en daar bestaan sekerheid oor die bestaan van „farcimen” met die naam „satura”. Die resep van hierdie vulsel wat uit verskeie bestanddele bestaan, haal Diomedes ook aan uit die Quaestiones Plautinae van Varro.

4. Lex: Ullman (13) het reeds aangetoon dat daar geen bewyse is vir die bestaan van 'n „lex” of wet genaamd „satura” nie, aangesien Diomedes „ter stawing daarvan alleen die gebruik van die frase „per saturam” (d.w.s. „mengelmoesgewys”) in verband met wette aanhaal” (14).

Sextus Pompeius Festus (laat tweede eeu n. C.), in sy „De verborum significatu” van Verrius Flaccus, begin aan ook dieselfde fout, nl. om „per saturam” alleen in regsfases aan te haal. Dit staaf dus geensins die bestaan van „satura” = „lex” nie, en ons meen dus dat Hendrickson (15) ook mislei is deur te sê: „..... since "per saturam" is the only genuinely attested phrase from the early language from which the form „satura” can be derived, it is hard to see from what other source the origin of the name is to be sought!"

Van Rooy, so ook Ullman laat dus die moontlikheid „satura” = „lex” buite rekening by die bespreking

18.

van die oorspronklike betekenis van die woord „satura". Wat „lanx" en „farcimen" betref, gee van Rooy (16) voorkeur aan „satura" = „lanx", in teenstelling met Ullman (17) wat „farcimen" verkies. Van Rooy voer nl. aan dat die godsdienstige implikasies (18) van die „lanx" die oudheid van die woord „satura" met daardie betekenis ten sterkste impliseer. „Die gebruik van „satura" = „lanx" gaan hoogs waarskynlik na 'n baie vroeë periode terug, moontlik vroeër as „satura" met die betekenis „farcimen" (19).

Wat die grammattiese afleiding van die woord betref, voer van Rooy by „satura lanx" (die gevulde skottel) aan dat „satura" die vroulike vorm van die byvoeglike naamwoord „satur" moes wees, en vervolg dan: „Met verloop van tyd sou dié besondere soort „lanx" self „satura" genoem word, en die byvoeglike naamwoord só in 'n selfstandige naamwoord ontwikkel. En waar die naam „satura" aan 'n gevulde „lanx" met gemengde inhoud toegeken is, daar sou dit spoedig ook toegeken word aan iets anders wat van 'n yol en gemengde aard was, nl. 'n vulsel of „farcimen" (20).

In die jongere tyd het daar nog nuwe gedagtes bygekom oor die oorsprong van die satire (21). Hieronder is dié van F. Muller (22), wat aanvoer dat die naam

"satura" 'n Etruskiese herkoms in die betekenis van vrugbaarheid het. Hy wys op die talryke Etruskiese name met stam sat-. (Bv. *Saturnus*, *Satricum*, *Saturius*, ens.). Erich Burck (23) wys egter daarop dat daar sekere besware teen hierdie hipotese in te bring is, waaronder die taalkundige beswaar (*satura*, maar *Saturnus*), asook religieus-historiese en literêr-historiese besware.

Ook P. Mereggi (24) en B. Snell ondersoek die Etruskiese herkoms van die naam, veral in die woorde *satr*, *satir= orare* en *satura= oratio*, λογος, sermo. Hierdie afleidings kom uiters gedwonge voor, en saam met van Rooy (25) wil ons dit verwerp, ook om bogenoemde redes.

By Latynse skrywers word daar ook van 'n ander tipe "satura" berig, die sg. dramatiese *satura*. Die klassieke bewysplaas hiervoor word gevind by die geskiedskrywer Titus Livius, VII, 2, waar hy 'n verslag gee van die ontwikkeling van die toneelspel in Rome. Daar word vyf verskillende fases genoem (26), waarvan hier net die derde fase aangehaal word: „*Vernaculis artificibus, quia ister Tusco verbo ludio vocabatur, nomen histriónibus inditum; qui non, sicut ante Fescennino versus similem incompositum temere ac rudem alternis iaciebant,*

sed impletas modis saturas descripto iam ad tibicinem
cantu motuque congruenti peragebant." Vertaling (27):
Aangesien in die Etruskiese taal 'n toneel ,ister'
genoem is, is die naam ,histriones' aan die Romeinse
beroepsakteurs gegee: hulle het mekaar nie, soos voor-
heen, in ruwe verse - soos die Fescennynse - wat haas-
tig geïmproviseer is, toegespreek nie, maar met musiek-
mate-gevulde ,saturae' opgevoer, met liedere wat op
hierdie stadium ("iam") behoorlik gerangskik is vir be-
geleiding deur fluitmusiek en met daarby passende bewe-
gings.

Die geloofwaardigheid van hierdie weergawe van
Livius laat ons hier terwille van die oorsigtelikheid
van die bespreking buite rekening (28), en ons gaan
daarom oor tot die vraag of daar enige verband of in-
vloed van die voor-literêre, losbandige verhoogaanbie-
dings (indien dit wel bestaan het), merkbaar is op die
Latynse satire. O. Weinrcich (Röm. Sat.) glo dat dit
wel die geval is deur te wys op die verwantskap van af-
sonderlike motiewe in die satire en komedie (fabula
togata), en ook deur te verwys na die lewendige dia-
loogvorm van die satire, veral by Horatius. Hy gaan
selfs so ver as om rekening te wil hou met 'n satura-
boek voor Ennius, d.w.s. voor die opvoering van die

tragedies en komedies na Griekse voorbeeld, wat uit deels ligttere en deels ernstige opvoerings sou bestaan het. Fairclough (29) aanvaar ook dat die satire van Lucilius uit die ou dramatiese opvoerings ontstaan het: „Lucilian satire is descended from a rude dramatic type - it might be urged that the excessiveness and curious irregularities of Lucilian satire may be due to the loose character of the more miscellaneous and perhaps dramatic, *satura* which it supplanted!"

Webb (30) meen ook dat die essensiële elemente in die Romeinse *satura* 'n natuurlike ontwikkelingsvorm van die dramatiese *satura* blyk te wees, wat tot 'n nuwe literêre vorm deur Ennius self voltrek is.

Hier teenoor kan, om ons slegs tot die moderne tyd te beperk, die opvatting van Ulrich Knoche (31) genoem word, wat tereg enige verband tussen die dramatiese *satura* en die literêre satire in twyfel trek. Dit word gedoen, hoofsaaklik om historiese (hy aanvaar nie die betroubaarheid van die Livius-weergawe nie) en etimologiese redes: „Mit aller Entschiedenheit ist aber zu betonen, dass die römische Satire die wir kennen, weder historisch ihrer herkunft, noch etymologisch ihrem Namen nach mit jenem Spiel zu verbinden ist.

Ihrem ursprünglichen Inhalt und ihrer Gesamthaltung nach ist das ausgeschlossen; sie ist vielmehr von Anfang an Kunstdichtung und steht in keiner Verbindung mit dem Volkslied".

Om die situasie nou tot hier op te som kan ons die gevolgtrekkings van dr. van Rooy oor die ontstaan en afleiding van die term „satura" aanhaal (32): dat dit in die hoogste mate waarskynlik is dat die woord „satura" afgelei is van die byvoeglike naamwoord „satur" wat „vol, sat" beteken; dat die oorspronklike uitdrukking waarskynlik „satura lanx" met die betekenis „die gevulde skottel" was, waar „satura" die vroulike vorm van die byvoeglike naamwoord is wat „lanx" bepaal; dat die betrokke „lanx" langsaferhand self die naam „satura" aangeneem het, sodat „lanx" weggeval het, en die byvoeglike naamwoord „satura" in 'n selfstandige naamwoord ontwikkeld het; en dat die naam „satura" vervolgens aan 'n „fercimen" of vulsel toegeken is, en dat hierdie toekenning 'n natuurlike uitbreiding van die betekenis van die woord was". Hierby kan ons aanvul dat na alle waarskynlikheid, enige verband tussen die vroeë dramatiese *satura* en die literêre *satura* verworp moet word.

Die abstrakte begrip „satura", wat „mengelmoes"

beteken, moes later uit die konkrete gebruik van „satura”=„vulsel” ontstaan het. Die regst- en politieke frase „per saturam” dui reeds op die abstrakte selfstandige naamwoord in die betekenis van „mengelmoesgewys”, en voorbeeld hiervan kom voor uit die tweede eeu v. C.. In die laaste kwart van die derde eeu en die eerste kwart van die tweede eeu v. C., word die woord „saturae” (meervoud) met die betekenis „mengsels” in die sin van „bundels-mengeldigte” reeds vir sekere van die digwerke van Quintus Ennius (239-169 v. C.) gebruik (33).

B. Die ontstaan en ontwikkeling van die „satura” as 'n letterkundige genre.

Met die bostaande paragraaf het ons by 'n letterkundige gebruik van die woord „satura” gekom, wat in sy ontwikkeling weer sou lei tot die genre „satire”. Dit sou logies wees om nou die verdere ontwikkeling vanaf Ennius na te speur, maar daarby moet nie vergeet word dat, alhoewel daar nie 'n selfstandige genre „satire” in die Griekse letterkunde bestaan het nie, daar tog duidelike satiriese elemente by Griekse skrywers van alle periodes bestaan het. Daarom sal ons nou eers oorsigtelik kennis neem van die satiriese elemente in

die Griekse letterkunde wat 'n invloed op die Romeinse satire moontlik kon en inderdaad wel uitgeoefen het. Daarby sal steeds gelet word op die verskil in die satiriese benadering tussen die Griekse letterkunde en die Romeinse satire ten einde met hierdie hoofstuk as geheel die eienskappe-kompleks van satire tot by Horatius te behandel.

a. Satiriese elemente in die Griekse letterkunde: Invloed op Romeinse satire en verskille.

i. Die Jambiese versmaat: Horatius verklaar met trots dat hy die eerste was om die jambiese versmaat van Archilochos in Latium in te voer (34),

..... Parios ego primus iambos
ostendi Latio, numeros animosque secutus
Archilochi

d.w.s. in sy Epode, sommige waarvan in breër sin satire is, hoewel nie saturae nie. Horatius getuig self van die aanvallende gees van Archilochos se jambe as hy sê (35): „Archilochum proprio rabies armavit iambo!“ Die jambe is veral beoefen deur Archilochos, Simonides en Hipponax, terwyl Kalimachos in die Hellenistiese tydperk ook bykom (C. 305 - C. 240 v. C.).

Die begrip, om te hekel op 'n persoonlike wyse, word in Grieks aangedui met die woord *παυβίσειν* en

wel as gevolg van die aanwending van die *ἰκαβος* of jambiese versmaat in persoonlike aanvalle. Die aanvalle van Archilochos was veral van 'n persoonlike aard en hy gee uiting aan sy gevoelens op bytende en fyn-spottende wyse, terwyl hy ook met homself kan spot in die onthulling van sy eie swakhede. M. Puelma Piwonka (36) het die teorieë van Fiske oor die klassieke navolging ontwikkel, en hy het gevolglik ook op die invloed wat Archilochos op Lucilius uitgeoefen het (waaroor later meer, onder bespreking van Kallimachos) gelet.

Semonides was nie so persoonlik in sy aanvalle nie, en hekel alleenlik tipes, soos bv. die satiriese tekening wat hy gee van die karakter van die vrou. Hipponax (C. 546 v. C.), neig meer na die persoonlike aanvalle van Archilochos (37).

Dit is op die gebied van Kallimachos (C. 305 - C. 240 v. C.), van die Hellenistiese tydperk wat die ondersoek van Piwonka gerig is. Na opmerkings oor die styl en artistieke doelstellings van Lucilius, vestig hy die aandag op dieselfde doelstellings by Kallimachos, en maak vervolgens die gevolgtrekking dat Lucilius die Alexandryn Kallimachos doelbewus nagevolg het. Hierin is hy egter ernstig gekritiseer deur Büchner (38). Kallimachos se styl is meer geestig as dié van sy voor-

beeld wat hy navolg, nl. Hipponax, en hy behandel 'n groot verskeidenheid van onderwerpe.

Simonides beweeg op die rand van die dierfabel in sy karaktersketse, soos ook Archilochos gedoen het in sy stories van die vos. Hierdie fabels is vanuit die Ooste oorgeneem en in Grieks word dit oor die algemeen toegeskryf aan die Siriese of Phrygiese Aesopos die vader van die fabel. Wat op hierdie gebied veral belangrik is vir die satire, is dat die fabels bruikbare analogie verskaf het vir didaktiese doeleteindes (39). Dit kom herhaaldelik voor in die Latynse satire, vanaf Ennius, ook Horatius se „stadsmuis en plaasmuis“ (Serm. II, vi.), tot by die fabels van Phaedrus, wie se diere baie ooreenkoms met menslike tipes.

ii. Die Griekse Komedie: Volgens Aristoteles (Poet. V. 3) was die komedieskrywer Crates die eerste om die bloot satiriese of dan aanvallende vorm te laat vaar (*της παρβικής ιδέας*) en temas met 'n algemeen praktiese aanwending laat inwerk het. Hierin is hy gevolg deur Cratinus, Eupolis en Aristophanes. Met die *γέλως*-gedagte het hulle gekombineer die doel om die persoon wat hulle beskuldig as kwaaddoener te bespot en as belaglik voor te stel.

Dr. van Rooy (40) bespreek die invloed van die ou (Griekse) komedie op die Latynse satire aan die hand van Horatius se uitspraak in Serm. I. iv, 1-7, en dan veral die woorde "... hinc omnis pendet Lucilius, hosce secutus". Horatius gaan dus so ver as om te sê dat Lucilius heeltemal afhanklik is van die ou komedie. Uit die betrokke passasie blyk dit dat Horatius veral twee opsigte, waarin hy meen dat hierdie skrywers Lucilius beïnvloed het, in agneem: a). Dat hulle 'n skurk of dief, immorele of moordenaar of 'n persoon wat hom skandalig gedra, gehekel het, maar dan met die voorbehoude: "si quis erat dignus describi". (Sat. I. vi, 3.) b). Tweedens, sê Horatius, is sodanige persone met groot vryheid van spraak gehekel ("multa cum libertate"), en dit impliseer die by name of persoonlike hekeling van die ou komedie. Horatius meen dus dat Lucilius in sy persoonlike hekeling van maatskaplike euwels ooreenkoms met die skrywers van die ou komedie, veral wat betref sy hekeling van belangrike persone, en dit by name. "Maar wanneer Horatius sê dat hy daarin 'omnis pendet' van die Ou Komedie af, maak hy hom skuldig aan 'n verregaande oordrywing" (41).

Dr. van Rooy dui dan aan in watter opsigte Horatius hom skuldig maak aan oordrywing, wat ons sal indeel

in verskille tussen die Ou Komedie en die satire:

a. Fiske⁽⁴²⁾ het die opmerking gemaak dat „the Old Comedy is serious in that it has a distinct ethical purpose, but it clothes that purpose in the liberal jest”. Hierdie morele doelstelling in die Ou Komedie is egter nie die hoofdoel nie, maar, soos Hendrickson⁽⁴³⁾ tereg opgemerk het, moet mens nie uit die oog verloor dat die hoofdoel van die Ou Komedie γέλως is nie. Dit maak dus van die iocus illiberalis gebruik om die lagwekkende te bereik. Van die Latynse satire oor die algemeen en Lucilius in die besonder, sê dr. van Rooy⁽⁴⁴⁾:

„Dit (die satire)werp 'n soeklig op die onkiesheid, nie om γέλως te veroorsaak nie, maar om dit aan die kaak te stel”. Die Latynse satire is grotendeels, a.g.v. sy hoofdoel, besiel deur 'n gees van „gravitas” of lewenserns.

b. In soverre as wat die Ou Komedie wel 'n morele doelstelling het, maak dit dikwels gebruik van die „iocus liberalis”, en wel so dat die „iocosum” die „maledicum” oorheers. By Lucilius is dit duidelik net andersom, daar oorheers die „maledicum” die „iocosum”, hoewel Horatius veel nader aan die gees van die Ou Komedie staan, veral in die lig van sy eie tipering

van sy satire: „ridentem dicere verum quid vetat?”
(Serm. I. i, 24).

iii. Die Griekse Diatribe: By Lucilius en Horatius (45) vind mens verwysings na die Sokratiese geskrifte of „Socraticae chartae”, wat die benaming was van Griekse etiese verhandelings van 'n populêre aard. Dit het weens sy praktiese aard belangstelling gewek by die Romeine, veral daar dit op die terrein van die etiek beweeg het. Van hierdie belangstelling is in die besonder die Romeinse satire, wat ook 'n morele doel nagestreef het, (46) 'n bewys.

Die Cyniese prediker of populêr-filosof het in sy diatribe 'n meer praktiese lewenswyse verkondig vir die armes en ongeletterdes (47). Die Cynisme, afkomstig uit 'n Socratis-Platoniese rigting, het sy propaganda nie in formele lesings en voordragte bekend gemaak nie, maar in losse samespraak, „δικτύφασι sermone, causeries” . „ His basis was reality: vice and wrong had to be fought in the breach. The evils of society offered just such a popular theme, bound up with the inordinate pursuit of riches; and the transition from the subject of riches to that of vice is illustrated in the fragments of Bion and particularly in his influence upon the first Satire

of Horace's first book" (48).

Daar was ook 'n ligter sy in die didaktiese metodes van die Cyniese filosoof of moralis (49). Hier was die mitiese element van diens om iets ligs te verskaf; die fabel het die verdienste gehad om die eenvoudig-direkte met die didaktiese te verenig. "The Bionean diatribe, attractive in its variety and freedom, is accordingly classed as an outstanding example of το στρουχαγέλοιον the "jocular-earnest" (50).

Bion van Borysthenes (C. 325- C.255 v. C.) word beskou as die persoon wat die diatribe as letterkundige vorm ontwikkel het. Hy het die filosofie 'n mengelmoeskleed gegee volgens Eratosthenes (51), en die gemengde stof daarin was van 'n moraliserende aard. Dit het gehandel oor letterlik alles wat in die alledaagse lewe van die gewone volk van aktuele belang was. Dit het ook 'n geestig-spottende toon bevat, (soos hierbo aangehaal van Duff), sodat dit satiries van aard was.

Horatius moes wel deeglik kennis gedra het van die inhoud van Bion se werk, soos blyk uit die passasie uit Epist. II, ii, 58-60:

Denique non omnes eadem mirantur amantque:

Carmine tu gaudes, hic delectatur iambis,
ille Bioneis sermonibus et sale nigro.

Duff⁽⁵²⁾, soos ook van Rooy⁽⁵³⁾, meen dat Horatius en Bion in belangrike opsigte geestesverwante was, daarom sou hier sterk sprake wees van beïnvloeding; Duff⁽⁵⁴⁾ sê van Bion: „We find traces of his interest in his own personality: touches of biography which anticipate the frank avowal ,libertino patre natum' of Horace. He treats with indifference snobbish prejudices directed against himself or his forbears, or can answer them with the wit which made his fame".

Ook was nie een van die twee eensydige aanhangers van 'n ekstremistiese, filosofiese rigting nie; Bion was by uitstek Cynicus, maar is ook beïnvloed deur die Cyrenaicus Theodorus wat die hedonisme aangehang het.

Dit is dus duidelik dat die Griekse diabribe 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die satireskrywers, wat talle stylmiddelle en temas daaraan ontleen het.

Die „Satura Menippea", genoem na die Cyniese filosoof en skrywer Menippos van Gadara is nie deur die belangrikste satirici nagevolg nie, en is daarom

nie baie belangrik vir die ontwikkeling van die Romeinse satire nie. Sy werke het alles verlore gegaan, maar hy word terug gevind in Lucianus (*Menippus et Timon*). Duff merk van hom op ⁽⁵⁵⁾: "This condemnation of the rich is comparable with the Teles-Bion criticism of excessive wealth which influences Horace. He has a well-developed satiric interest in the whole of human life, and his laughter is tempered with melancholy".

Menippos se invloed op die Latynse satura is in die eerste plek geleë in die letterkundige vorm van sy werk, nl. 'n mengsel van prosa en poësie. Hierdie vorm word nagevolg deur Varro (*Saturarum Menipppearum libri CL*), Seneca (*Apokolocynthia*) en Petronius (*Satyricon*).

iv. Die Mimus: Die ontstaan van die mimus as letterkundige genre word gekoppel aan Sophron (c. 470- c. 400 v. C.). Hoewel die meeste Griekse mimi verlore gegaan het, het dié van Theokritos en Herondas bewaar gebly (net agt van 1g.). Opvallend van die mimus is die "turpitudo" van sy onderwerpe, en die obsene aard van sy grappe. Soos van 'n sekere sy van die Komedie gesê kan word, is die geestigheid van die mimus ook van die tipe "illiberalis iocus". Die doel van die mimus is volgens Fiske ⁽⁵⁶⁾: "To portray ridiculous types of

character or grotesque incidents, with the broadest or coarsest strokes".

"Dit volg dus dat daar belangrike ooreenkoms, maar ook belangrike verskille tussen die mimus en die Latynse satire is. Waar die mimus 'n nabootsing van die lewe is, daar bied die Latynse satire ook „species vitae" aan Maar waar die doel van dié mimus niks meer is as om realistiese en lagwekkende weergawes van tipes en gebeurtenisse uit die daaglikse lewe aan te bied nie, daar is die doel van die Latynse satire veel meer: dit is nl. om maatskaplike hervorming teweeg te bring"⁽⁵⁷⁾.

Alles in aanmerking geneem, blyk dit dus dat baie kenmerke van die Latynse satire geïnspireer kon wees deur satiriese elemente in die Griekse letterkunde, maar soos Richards⁽⁵⁸⁾, kan ons slegs praat van losstaande satiriese beïnvloedingselemente, wat byna uitsluitlik beperk bly tot temas en motiewe of die algemene satiriese toon. Die morele motiewe of doelstellings verskil aanmerklik; by die diatribe is dit hoogstens moraliserend, terwyl daar by die Romeinse satire 'n definitiewe hervormingsoogmerk is.

b. "Satura" 'n suiwer Romeinse genre? Quintilianus X. i, 93.

Terwyl dit nou duidelik is dat daar wel invloed vanuit die Griekse letterkunde uitgegaan het tot die Romeinse satire, wel tot so 'n mate dat Horatius kon sê: „Hinc omnis pendet Lucilius, hosce secutus" (Serm. I. IV, 6) - watter waarde moet dan nog geheg word aan die bekende en veelbesproke uitspraak van Quintilianus (Inst. Orat. X. i, 93)? „Satura quidem tota nostra est". Hier is die oënskynlike bedoeling immers „die satura is egter heeltemal ons eie". Die tradisionele opvatting hier is dat Quintilianus wel bedoel dat die satire 'n eie nasionale skepping van die Romeine is⁽⁵⁹⁾. Daarteenoor het W. Rennie⁽⁶⁰⁾ in 1922 met 'n ander verklaring gekom. Hy meen dat Quintilianus met sy uitspraak geensins die originaliteit van die satire as 'n suiwer Romeinse skepping in gedagte gehad het nie. Wat hy wel bedoel het is: „The Roman writers so far outstripped their Greek originals that they are first, the Greeks nowhere. In the contest the element of Satire is entirely in our favour, on our side". Quintilianus tref dus volgens hierdie opvatting 'n vergelyking en bepaal die relatiewe meriete van Griekse en Romeinse skrywers.

Duff (61) benader egter hierdie uitspraak van Quintilianus soos volg: Die satiriese gees is universeel, dit kom voor by alle nasies. Die Grieke openbaar hul satire d.m.v. hul parodie, ironie, skerp jambes, spottende komedies en etiese besprekings. Tog is dit 'n feit dat daar vir die Grieke geen aparte, selfstandige literêre vorm bekend as „satire" bestaan het nie. Hierdie aparte genre was 'n uitsluitlike Romeinse skepping en dit het deur verskillende fasies van ontwikkeling gegaan. „Just before his 'satura quidem tota nostra est', he has remarked on the challenge which Latin literature could maintain in the field of elegy. Coming to sature, he finds that its field belongs entirely to the Romans, in the sense that the Greeks never developed this separate form of literature. They did not compete". Hiermee weerlê Duff dus die bewering van Rennie, wat superioriteit vir die Romeine in hierdie genre opeis. „It would be pointless to say that the Romans bear off the palm in a contest where there were no other entrants" (62).

Dr. van Rooy (63) dui ook aan dat Quintilianus in sy uitspraak met „satura" bedoel die genre satire, en trek daarom Rennie se siening in twyfel. Van Rooy se redenasie berus in die eerste plek op die

feit dat Quintilianus in sy bespreking oral die Latynse skrywers in 'n besondere genre bespreek, teenoor die Griekse skrywers in dieselfde genre. As Quintilianus dan by die satire kom, noem hy geen sodanige genre in die Griekse letterkunde nie, en kan dus nie hier 'n vergelyking tref nie. Ook noem Quintilianus geen verteenwoordigende Griekse skrywers van die satire nie. Daar was geen sodanige genre by die Grieke, beoefen as proprium opus nie. „What Quintilian meant was that, 'satire (as a genre) is wholly a Roman achievement' – Quintilian is claiming originally for the Romans, and in the case of this genre he is not putting the Roman writers against the Greeks!"

As ons dus met Duff en van Rooy tot die slotsom kom dat Quintilianus wel absolute oorspronklikheid vir die satire opeis as Romeinse genre, dan ontstaan daar weer 'n botsing tussen die uitspraak van Quintilianus en dié van Horatius in Serm. I, iv, 6, waar hy beweer: „Hinc omnis pendet Lucilius hosce secutus". Van hierdie bewering van Horatius sê Duff dat ons dit moet interpreteer in die besondere aspek van die satire wat hier beklemtoon word. Hierdie aspek is die vryheid van spraak (*libertas*) in die veroordeling van morele

oortreders. „Siquis erat dignus describi, quod malus ac fur, quod moechus foret aut sicarius aut alioqui famosus; multa cum libertate notabant!“

„This, he says, was the way of Eupolis and Cratinus and Aristophanes as well as other authors of the Old Greek comedy, and in this sense the Old Comedy is written all over Lucilius; for he followed it in its aggressive spirit, though he changed the meter“⁽⁶⁴⁾.

Van Rooy⁽⁶⁵⁾ meen ook dat Horatius hom nie hier uitspreek oor die vorm van die „satura“ nie, maar wel oor die toon en tendens van die satire van Lucilius. Dit is wel 'n oordrywing om te sê omnis pendet', maar dit is „tog nie in botsing met Quintilianus nie, aangesien lg. hom in die eerste plek uitspreek oor die vorm van die satura as selfstandige genre, en hom nie uitlaat oor die toon en tendens daarvan, of oor die Griekse invloed wat op die „satura“ ingewerk het en waarvan hy ten volle bewus was, nie“⁽⁶⁶⁾.

c. Die aard en ontwikkeling van die satire by Ennius en Lucilius.

By Afd. A. van hierdie hoofstuk het ons by 'n fase gekom in die ontwikkeling van die term „satura“ met die betekenis „mengsels“ in die sin van „bundels

mengeldigte", en wel as titel vir sekere digwerke van Quintus Ennius (239-169 v. C.). Dit is dus reeds die begin van die letterkundige gebruik van die woord, waarvan die ontwikkeling by Horatius se voorgangers, Ennius en Lucilius hier nagegaan sal word.

a. Quintus Ennius: Soos reeds gestel, begin die literêre geskiedenis van die satire in Latyn by Quintus Ennius. Daar het geeneen van sy werke bewaar gebly nie, alleen in verwysings en aanhalings van kommentators kan sekere fragmente van sy werke gevind word (67).

Volgens die getuenis van Diomedes uit die vierde eeu n. C. in sy Grammat. Lat. I. 485, 30 moet ons onder satire verstaan "..... carmen apud Romanos nunc quidem meledicum et ad carpenda hominum vitia archaeae comoediae charactere compositum at olim carmen quod ex varriis poematibus constabat satira vocabatur, quale scripserunt Pacuvius et Ennius". Diomedes stel dit dus duidelik dat die satire van Ennius 'n "carmen" was wat uit "Variis poematibus" bestaan het. Ook uit die fragmente blyk dit dat hierdie "satura" van Ennius niks anders was as 'n "bundel mengeldigte" nie. Dit is ook duidelik dat die begrip "mengelmoes" op die vorm betrekking gehad het, want mens tref daarin aan ver-

skillende metra - die jambe, trogee en ook die heksameter. Ook na die inhoud was dit 'n mengsel, want dit bevat fabels, dialoë en algemene kritiek op die lewe in 'n ligtere luim.

Kiessling⁽⁶⁸⁾ maak die opmerking dat in die „saturae" van Q. Ennius die persoonlikheid van die digter veel meer as in sy ander werke na vore tree, en dat Ennius juis met hierdie persoonlike houding in sy „saturae" die weg aangetoon het vir sy navolgers⁽⁶⁹⁾.

Knoche⁽⁷⁰⁾ meen dat a) daar niks van 'n polemiese toon te bemerk is in die satire van Q. Ennius nie; b) „hingegen spielte die Absicht der moralischen Belehrung wahrscheinlich eine grössere Rolle, als es uns die Brüchstücke verraten". Wat b) betref is dit wel duidelik dat Ennius se satire 'n morele oogmerk het, maar wat a) betref toon van Rooy⁽⁷¹⁾ aan dat ons 'n bewuste satiriese tendens aantref in Ennius se aanvalle op skadelike elemente in die gemeenskap, „aanvalle wat bytend is, soos enkele fragmente duidelik aantoon".

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat by Ennius die titel „saturae" alleenlik dui op die „mengelmoes"-aard van sy satire. Daar is wel 'n satiriese element teenwoordig, maar dis bloot een element uit vele,

"sodat dit met die betekenis van die term „satura" niks te maak het nie" (72).

b. Lucilius (73): Hier sal nie in besonderhede gelet word op alle aspekte van Lucilius se satire nie, maar slegs op enkele karakteristieke elemente, hoofsaaklik met die doel om te let op die ontwikkeling wat die genre by Lucilius ondergaan het, en die gevolglike verandering in die betekenis van die titel „satura(e)".

Waar ons hierbo opgemerk het dat volgens Diomedes die „satura" van Ennius 'n „carmen" was, bestaande „ex variis poematibus", daar was die „satura" van Lucilius 'n „carmen maledicum ad carpenda hominum vitia compositum". Hierdie aanhaling bring ons dadelik by die satiriese en polemiese gees by Lucilius. In 'n tyd van morele, sosiale en politieke spanninge, partyvorming en voorbereiding tot burgerstryd, hou Lucilius sy oortuiging nie terug nie, maar bedien hom van die satire as wapen, wat alreeds aan hom oorgelewer is as 'n orgaan van persoonlike meningsuiting. „Diese Streitbarkeit empfand das Altertum fortan als das wesentlichste Merkmal der Satire, er habe die Satire als Streitgedicht begründet, als aktuelle, nicht anonyme Kampfschrift mit grosser persönlicher Schärfe" (74).

In hierdie opsig dus is die nuwe element in die satire van Lucilius, in vergelyking met dié van Ennius, dat die persoonlike aanval, der Angriff auf Lebende by hom sterk op die voorgrond tree. Kiessling (75) maak hier tereg die opmerking dat Lucilius hierdie spesifieke polemiese houding en veral die persoonlike aanval nog nie kon beskou as 'n aanvaarde of gegewe element van die „satura" nie. Lucilius het hom hierby laat terugvoer, oor die populêre filosofie van die Cynisme, na die uitgesproke Ou Komedie. In dié opsig is Horatius dus volkome korrek deur te sê: „Hinc omnis pendet Lucilius, hosce secutus" (Serm. I, iv. 6). Sy onverbloemde aanval op alle mense het Horatius ook soos volg getipeer, (Serm. II. i, 62-70):

Quid? cum est Lucilius ausus
primus in hunc operis conponere carmina morem,
detrahere et pellem, nitidus qua quisque per ora
cederet, introrsum turpis
..... atqui

primores populi arripuit populemque tributim

Duff (76) sê hiervan die volgende: „He showed his real quality in vehemence rather in that urbane restraint (Hor. Serm. IX, 9), which added Horace's curiosa filicitas in language. The savant in him had equipment of salted words".

Lucilius het in die satire ook duidelik 'n morele en hervormingsoogmerk nagestreef. In 'n programmatiese gedig van die dertigste boek tipeer hy sy digwerke as "facta saeva" en as "tristia dicta" (1014), maar daarby moet nie vergeet word nie dat dit tot nut is vir vriende, deur met raad en vermaning in die blootstelling van die kwaad sy medemens op 'n regte weg te lei. Op diezelfde aspek van Lucilius se satire dui die woorde van Duff (77) : „When Lucilius derides the multiplication of luxuries he is not merely repeating Stoic attacks upon wealth and serving up Greek platitudes. Since he realized that the indecent display of riches is an insult to poverty, his satire was calculated to claim better conditions of life for the majority".

Die realisme van die Romeinse lewe om hom het vir hom 'n lewendige verskeidenheid van tema besorg. Hy beeld die mense en moraal van sy tyd uit. 'n Oorsig oor die temas en inhoud van sy satire toon aan dat die stof daarin vervat, omtrent onbegrens was, baie meer veelvuldig as die temas van die latere Latynse satirici. Die inhoud van sy satire is in 'n baie groot mate in beslag geneem deur tekeninge van sy eie lewe, vertellings van besondere ondervindings en lewens-situasies met so 'n openhartigheid dat Horatius se

woorde in Sat. II, i, ten volle waar blyk te wees. Ook die tekening van die vriendekring waarin die digter geleef het, in besonder die kring van Scipio, neem 'n prominente plek in. Hierin, soos ons later sal sien, het Horatius vir Lucilius nagevolg, maar het Juvenalis afgewyk.

Wat die vorm van sy satire betref, gebruik hy weliswaar nie 'n groter eenheid van vorm as Ennius nie. In boeke 26-30 tref ons aan: trogeiese septenare, jambiese senare en heksameters, hoewel boek 30, en so ook 1-21 wat kronologies na 30 kom, uitsluitlik in daktieliese heksameters geskryf is. Wat die inhoud betref, het ons reeds gesien dat hy skryf oor die hele bonte verskeidenheid van die lewe rondom hom.

Die satire van Lucilius word op die veelvuldigste wyse werktuig van die persoonlike meningsuiting van die digter, in besonder die werktuig van persoonlike kritiek, d.w.s. „Gegenwartskritik”⁽⁷⁸⁾.

Samevattend kan daar nou gelet word, aan die hand van van Rooy se gevolgtrekkings, ⁽⁷⁹⁾ op die ontwikkeling wat die genre satire ondergaan het by Lucilius. Teuffel ⁽⁸⁰⁾ skryf dat „wen er, (i.e. Lucilius) auch seine Dichtungen noch im alten Sinne Saturaen nannte, als ein Allerlei nach Form und Stoff, so waren sie

doch zugleich ihrem überwiegende Inhalte nach Satiren im neueren Sinne des Wortes, d.h. kritisierende Darstellungen aus dem Leben der Gegenwart". Tereg merk van Rooy⁽⁸¹⁾ dus op dat die kritiese of polemiese gees nou die wesenlikste kenmerk van die satire word, en dat daar mee ook saamgaan die spottende of bespottende toon. Die "ridiculae res" maak 'n belangrike deel van die satire uit, alhoewel die "ridiculum" oorheers word deur die "grave" en die "maledicum". Dit bring dus ook 'n verandering in die betekenis van die titel "satura" teweeg, d.w.s. vanaf 'n "bundel mengeldigte" tot 'n "bundel hekeldigte", want vanaf sy 30ste boek (125-105 v. C.) volg Lucilius na die uiterlike vorm nie meer die "mengelvorm" nie, maar gebruik hy slegs die heksameter. "Satura" kan dus nou alleen dui op die oorwegend "satiriese" toon, d.w.s. "spottend-polemies" en met 'n morele doelstelling. Dit kan dus gestel word dat hierdie betekenisverandering reeds by Lucilius begin het, en onvermydelik deur sy opvolgers voltrek moes word. Hierdie voltrekking het volgens Ullman⁽⁸²⁾ plaasgevind tydens die herlewing van Lucilius se satire in 40-30 v. C. "It now meant the genus satire, or a collection of satirical pieces, and was finally accepted with some reluctance by Horace in his second book".

c. Die benaming „satura”: Prof. Hendrickson (83) beweer dat tydens die herlewing van Lucilius se satire in 40-30 v. C. 'n kort en tiperende naam vir die literêre vorm wat Lucilius begin het, nog ontbreek het.

"Roman satire begins with Lucilius, but the better part of a century had elapsed before it claimed a place as a recognised and independant form of literature". Hy meen dat die term „satura" as naam van 'n letterkundige genre eers vanaf 40-30 v. C. algemeen aanvaar is en dat dit selfs daarna eers geleidelik opgeneem is in die letterkundige woordeskot om „satura par excellence" aan te dui, hoewel dit as 'n aparte kunsvorm reeds sedert Lucilius bestaan het.

As bewyse vir hierdie aanname voer Hendrickson aan dat in Boek I van Horatius se satire die term „satura" nêrens aangetref word nie, hoewel so 'n benoeming op verskeie plekke verwag sou word. Bv. in die vierde satire van Boek I, waar dit gaan oor die styl en gees van Lucilius se werke, word die term „satura" omskryf of vervang deur woorde soos: (vs. 22) „cum mea nemo scripta legat...." en „quod sunt quos genus hoc minime iuvat", en vs. 33: „omnes hi metuunt versus, odere poetas!"

In vs. 56 word die tipe digwerk wat hy lewer nie gekarakteriseer deur die term „satura” nie, maar deur na Lucilius te verwys: „his, ego quae nunc, olim quae scripsit Lucilius”.

„Throughout the whole of the satire it is plain that the poet is dealing with a literary genus which is for him the „character Lucilianus”, but for which he has at disposal apparently no single or comprehensive designation” (p. 130).

Ons tref dan in die begin van Boek 2 skielik 'n duidelike tegniese benaming aan vir die styl van Lucilius: „sunt quibus in satura ...” Nou is daar gevorder vanaf die „character Lucilianus” tot die erkenning van 'n literêre tipe. Tog word ons nog verder gekonfronteer met die feit dat Horatius sy twee boeke met satires nie „saturae” noem nie, maar „Sermones”, en ook in die brief aan Florus praat hy van „Bionei sermones”, met die beskrywing „sale nigro” daarby asof hy daarmee hul satiriese aard wil aandui. Hieruit wil Hendrickson nou aflei dat selfs na Horatius se eerste „proefondervindelike” benaming in Boek 2, die term „satura” nog nie algemeen ingesink het nie.

Hier teenoor het A.L. Wheeler⁽⁸⁴⁾ na ons mening tereg daarop gewys dat die redenasies van prof. Hendrick-

son nie opgaan nie. Volgens hom kan ons nie, op grond van die uiters seldsame gebruik van die term „satura”, gaan aanvaar dat „satura” nog nie 'n aanvaarde kunssoortige term was ten tyde van Horatius se satire 1., 4-10 nie. Wheeler se betoog hou in dat by die Klassieke 'n tegniese benaming in die literêre kritiek oor die algemeen nie voorgekom het nie. Hierdie praktyk is diezelfde as by Horatius by wie vae en presiese benaminge langs mekaar voorkom, terwyl die lg. uiters selsaam voorkom.

„The inevitable conclusion is not that „satura” is missing from Horace, Sat. 1,4 and 10 because it was not yet an accepted term, but that both its absence and Horace's vague and periphrastic terminology are merely part of the usual poetic manner of the Romans and that no inference can be drawn from this manner as to the date at which 'satura' became an accepted term".

Op grond van hierdie opmerkings van Wheeler kan ons terug keer tot die ouere opvatting, nl. dat Ennius en Lucilius reeds die term „satura” gebruik het vir die literêre genre satire, hoewel daar van die een tot die ander 'n belangrike betekenisverskuiwing plaasgevind het, en dat die term „satura” as sodanig vir Horatius dus bekend was.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK II.

1. Die eerste publikasie van prof. Nettleship hieroor was in 1878 en is later ingesluit in Nettleship se „Lectures and Essays".
2. Vir 'n bibliografiese oorsig van die verskillende standpunte oor die oorsprong van die woord „satura", sien Kiessling/Heinze, Q. Horatius Flaccus, Satiren, onder afdeling „Nachwort und Bibliografische Nachträge, von Erich Burck, p. 368 sqq.
3. a. C.A. van Rooy: Probleme aangaande die Latynse Satura; art. in S.A. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, IX nr. 1, 1949.
 b. C.A. van Rooy: Oor die oorsprong en woordgeskiedenis „satire" as naam van 'n letterkundige genre; art. in S.A. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Deel 12, 1952. Hierna aangehaal as van Rooy 1.
4. C.A. van Rooy: Probleme aangaande die Latynse „Satura" met besondere verwysing na samehangende probleme in die Griekse letterkunde". Hierna aangehaal as van Rooy 2.
5. W.J. Richards: Die Vereistes vir Romeinse Satireskrywing.
6. Van Rooy 1. p. 63 sqq. cf. van Rooy 2, p. 1-30.

7. Van Rooy 1. p. 66.
8. Knoche, Die Römische Satire, p. 11, 12.
9. Van Rooy 2. pp. 144-194.
10. B.L.Ullman: The present status of the Satura question,
Studies of Phil. 17 (1920) p. 379 sqq.
11. Ullman: op. cit. p. 380.
12. B.L. Ullman: Satura and Satire, C as. Phil. 8,
1913, p. 177.
13. Ullman: Studies of Phil. 17 (1920) p. 380.
14. Van Rooy 1. p. 68.
15. Hendrickson, The Genesis of s literary form. Class.
Phil. 6, 1911.
16. Van Rooy 1. p. 69.
17. Ullman, Stud. in Phil. 17 (1920) p. 380.
18. Vid. Vergilius, Georgica II, 194 en 394.
19. Van Rooy 1. p. 71.
20. Van Rooy 1. p. 71, 72.
21. Vir 'n oorsig, sien Kiessling/Heinze, Q. Horatius
Flaccus, Satiren, p. 363 sqq.
22. F. Muller, Philol 78, 1928. pp. 230-280.
23. Kiessling/Heinze, Horatius, Satiren, p. 368.
24. P. Mereggi, Studi Etruschi II. (1937) pp. 157-
197.
25. Van Rooy 1. p. 90,91.

26. Vir 'n volledige bespreking van hierdie fase cf.

Van Rooy 2, pp. 38-91.

27. Vertaling ontleen aan van Rooy 2, 41.

28. Dr. van Rooy (V.Rooy 2, pp. 49, 50) bevind, na alle waarskynlikheidsargumente, „dat dit in die hoogste mate redelik sou wees om te glo in die bestaan van die derde fase waarvan Livius berig, nl. die dramatiese satura. Daarteenoor meen geleerde (cf. Erich Burck, in Kiessling/Heinze, Hor. Satiren, p. 370) dat F. Leo (Hermes XXIV, 1889 p. 67-84) n.a.v. Otto John se onthullings in 1867 (Hermes II, pp. 225-226) die probleem van die Livius-passasie bevredigend opgelos het. (Leo en Hendrickson het in hierdie rigting voortgegaan en hul standpunte in vier artikels uitgegesit - Leo: Varro und die Satire, Hermes XXIV, 1889; Livius und Horaz über die Vorgeschichte des Römischen dramas, Hermes XXXIX, 1904.

Hendrickson: The Dramatic Satura and the Old Comedy at Rome, American Journal of Phil. XV, 1894; A Pre-Varonian chapter of Roman Literary history, American Journal of Philology).

Hul betoog hou in dat ons by die Livius-passasie te doen het met 'n geleerde konstruksie, opgestel n.a.v. die peripatetiese literêr-historiese

kombinasie: soos daar nl. vir die Griekse drama 'n genetiese ontwikkeling aangegee word, so het die Romeine ook 'n voorgeskiedenis van hul eie dramatiese spel gekonstreeer na Griekse voorbeeld, en dit is hier-die invloed wat in die Livius-passasie ten grondslag lê. Leo meen daarby dat Varro die hoofbron vir Livius was in die opstel van hierdie ontwikkelingsgeskiedenis.

29. Fairclough, Horace's view on the relations between Satire and comedy, Am. Journal Phil., vol. XXXIV, 1913.
30. Webb, On the origin of the Rom. Sat. Classical Phil., VII, 1912. p. 189.

Admitting the existance of dramatic satura, it is inconceivable that any one should refuse to allow a direct connection between this and literary Sat., p. 187. Ook prof Enk (Handboek der Lat. Lett. p. 135), hoofsaaklik n.a.v. bevindings van prof. van Wageningen (in sy uitgawe van Persius-Saturae, Groningen, 1911), verdedig die bestaan van 'n dramatiese satura, en sien tewens die latere literêre satura as 'n uitvloeisel daarvan.

31. U. Knoche, Römische Satura; p. 10.
32. Van Rooy l. p. 72.
33. Van Rooy l. p. 73.

34. Hor. Epist. I, XIX, 23-25.
35. Hor. A.P. 79.
36. M. Puelma-Piwonka, Lucilius und Kallimachos: Zur Geschichte einer Gattung der Hellenistisch-römische Poësie.
37. Cf. Van Rooy 2. p. 254.
38. K. Büchner: Römische literaturgeschichte.
39. Cf. Duff, Roman Satire, pp. 24, 25.
40. Van Rooy 2. pp. 249-253.
41. Van Rooy 2. p. 250.
42. Fiske: Lucilius and Horace, p. 96.
43. Hendrickson, Satura quidem tota nostra est. Class. Phil. 22 (1927) p. 49.

"It is time, I venture to think, to urge per contra that his (Aristophanes') Satire is for the most part not the end but the means, the material, τὸ τελος, γέλως ". Hierby maak dr. van Rooy die volgende opmerking: "Hendrickson maak hier tereg beswaar teen diegene wat uit die oog verloor het dat die hoofdoel van die ou Komedie γέλως is, en in soverre het hy dit korrek. Tegelyk moet egter beklemtoon word dat die ou Komedie ook 'n ondergeskikte doel het, 'n morele doelstelling, wat ook 'n τέλος is, en nie bloot, of hoofsaaklik 'n middel tot die hoof-

doel, *verdiens*, nie". In dié verband ook 'n aanhaling van Duff, (Roman Satire, p. 26): "Yet to sum up Aristophanes' plays as Satires would obviously be to overlook his wealth of imaginative invention, his dramatic power, his gift of lyric sweetness. Satire in comedy is a factor: it does not make the whole play.

44. Van Rooy 2. p. 252.
45. Lucilius, vs. 709 (Marx) "Socratici charti"; Horatius, A.P. 310 "Socraticae chartae", cf. Carm. III, XXI. 9. "Socratici Sermones".
46. Cf. Duff, op. Cit. p. 29. "The pre-occupation with philosophy was more marked and more widely spread in Greece than in Rome. The philosophy of conduct, however, seemed practical enough to interest many Romans, and Roman Satire, as a social organ, was intemately concerned therewith".
47. Cf. Duff, op. cit. p. 29.
48. Ibid.
49. Duff, op. cit. p. 29, sq.
50. Duff, op. cit. p. 30.
51. Diog. Laert. 4, 52, *αὐθίνα ἐνέδυσεν*.
52. Duff. op. cit. p. 33.
53. Van Rooy 2. p. 256, sq.

54. Duff, op. cit. p. 33.
55. Duff, op. cit. p. 35.
56. Fiske, Lucilius and Horace, p. 95.
57. Van Rooy 2, p. 260.
58. Richards, Vereistes vir die Rom. Satireskrywing,
p. 91.
59. Van Rooy 2, p. 262.
60. W. Rennie, Satura tota nostra est. The Class. Review XXXVI, 1922, p. 21.
61. Duff, Roman Satire, p. 21.
62. Duff, op. cit. p. 21.
63. Van Rooy, Quintilian X. i, 93 once more. Mnemosyne, Series IV, Vol. VIII, 1955. Vir dieselfde standpunt cf. G.L. Hendrickson, Satura tota nostra est., Classical Philology, Vol. 22, 1927.
64. Luff, op. cit., p. 22.
65. Van Rooy 2, p. 257, sq.
66. Van Rooy 2, p. 268.
67. Kommentators waar verwysings na die sg. "saturae"
van Ennius terug gevind kan word:
1. Quintilianus, Inst. Or. IX, ii, 36.
 2. Gellius, Noct. Att. XVIII, ii, 7.
 3. Donatus, Servius, Nonius en Macrobius praat
van die satire van Ennius.

4. Porphyrio, in 'n kommentaar op Horatius. Sat. I,
X, 4, 6 sê dat Ennius vier boeke „saturae“
agtergelaat het.
68. Kiessling, Q. Hor. Flaccus, Satiren, p. IX.
69. U. Knoche, Die Römische Satire, p. 19.
„Was sie (d.w.s. die satire van Lucilius) als eine
Einheit zusammenfasste, war lediglich die individuelle
Persönlichkeit des Dichters: und diese Prägung des
Ennius wurde fur alle seine Nachfolger massgebend!“
70. U. Knoche, op. cit., p. 19.
71. Van Rooy l. p. 75.
72. Ibid.
73. 'n Groot aantal werke is bestee aan die oorgeblewe
fragmente uit Lucilius, sedert die „editio princeps“
in 1597 deur Dousa. In die veertigerjare van die
vorige eeu is daar veral vordering gemaak in Car-
pet se uitgawe uit 'n Franse vertaling en notas
(1845), asook dié van Gerlach, 1846. In die sewen-
tigerjare is daar meer lig gewerp op Lucilius in
Lucian Muller se uitgawe van 1872 en die van Lachman
in 1876. Groot vordering op dié gebied is gemaak
aan die begin van ons eeu deur Marx in sy Leipzig-
uitgawe van die Reliquiae, met sy waardevolle Pro-
legomena en kommentaar in twee volume (1904-1905).

Verskeie ander geleerdes bou voort op Marx, o.a. C. Cichorius, "Untersuchungen zu Lucilius", (Berlyn, 1908) en "Römische Studien" (Berlyn, 1922); W. Schmitt, "Satiren Fragmente des Lucilius aus den Büchern XXVI-XXX (Munich, 1914); G.C. Fiske, "Lucilius and Horace" (Madison, 1920), ook Koppelmacher se artikel in die Pauly-Wissowa, "Lucilius", (Realencycl., 1927).

74. U. Knoche, Die Röm. Satire, p. 21.
75. Kiessling/Heinze, Q. Hor. Flaccus, Satiren, p. XI.
76. Duff. Roman Satire, p. 483.
77. Duff, op. cit. p. 45.
78. Knoche, op..cit. p. 33.
79. Van Rooy 1, pp. 76 sq.
80. Pauly, Realencycl., 6. p. 820.
81. Van Rooy 1, p. 76.
82. Ullman, Studies in Philology, 17 (1920), p. 382.
83. G.L. Hendrickson, The Genesis of a literary form, Classical Philology, vol. VI, 1911.
84. A.L. Wheeler, Satura as a generic term, Classical Philology, vol. VII, 1912.

HOOFSTUK III.HORATIUS AS SATIRIKUS.

In die voorafgaande hoofstuk het ons gesien dat daar 'n bepaalde tradisie van satireskrywing tot stand gekom het met die voorbeeld wat hoofsaaklik deur Lucilius daargestel is, en dat in hierdie satire bepaalde "satiriese" elemente van die Griekse letterkunde merkbaar is. Die produk is dan by Lucilius 'n skerpe en onverbloemde aanval met 'n spottend-polemiese karakter waarmee hy die Romeinse samelewing, en veral die leidende persone gesel - „primores populi arripuit populumque tributim" (Hor. Sat. II, i, 68 sq).

In hierdie hoofstuk is dit ons doel om teen die agtergrond van bogenoemde bevindings die eie aard van Horatius se satire na te gaan, waarby ook gelet sal word op 'n sekere satiriese gees in sy vroëre sowel as sy latere werke.

A. Satire in die Epode.

Die Jambe-versameling bevat die vroegste gedigte van Horatius wat bekend is, hoewel dit as versameling ten minste vier jaar na sy eerste satireboek verskyn het. Walter Wili⁽¹⁾ stel die publikasie op die vroegste in 31 v. C., want die laaste gedig wat hier aan 'n datum gekoppel word,

moes onmiddellik na Actium (Sept. 31 v. C.) geskryf gewees het; dit is nl. Ep. ix, die bekende Actium-Epode.

Die Epode is nie in die tradisie van die „satura”, maar hulle is grotendeels, hoewel nie almal nie, satiries, en hulle bevat 'n groot verskeidenheid temas. Met sy Epode volg Horatius hoofsaaklik die Jambiese versmaat van Archilochos na ⁽²⁾. Onder die gedigte van Archilochos, wat sedert die Hellenistiese tyd verenig is onder die titel „Jambes” ⁽³⁾, word verstaan 'n bepaalde kritiese geesteshouding van bitsige aanval teenoor bestemde persone wat by die naam genoem word. Dit is hierdie houding wat Horatius in 'n aantal van sy Epodes (vide infra) navolg, sodat dit ook getuig van die „persönlichen Angriff”, eie aan die Jambe. „The Epodes themselves attack the vulgar profiteer, the vicious matron, the adulterer, the base poet” ⁽³⁾. Jare later, in sy Briewe (Epist. 1, 19,23), getuig Horatius self van sy navolging van Archilochos:

Parios ego primus iambos

Ostendi Latio, numeros animosque secutus

Archilochi, non res et agentia verba Lycamben.

Aan hom verbind Horatius een van die vroeë Epodes, nl. die sesde. Hier wil hy, na die voorbeeld van Archilochos, soos 'n waaksame hond op elke byt terugbyt, „quin me

remorsurum petis?" Daarby ontbloot hy 'n tipe persoon wat onuitstaanbaar is in die samelewing, en volgens Fraenkel⁽⁴⁾ het ons nie hier te doen met 'n besondere persoon nie, maar met 'n algemene tipe. Net so kom in die skerpste spotgedigte van die Epode (4,6,8,10 en 12) geen besondere vyand by name voor nie, behalwe die towenares wat onder die naam Canidia voorkom, en die digter Maevius (Ep. 10), wat ook 'n tipiese persoonlikheid wil ontbloot. Juis hierin bemerk Wili⁽⁵⁾ 'n grondtrek van Horatius se eie aard: „Ein Grundzug horazischen Wesens kündet sich damit an, der später herrschend werden sollte, nämlich die Entpersönlichung und Typisierung der scheinbar persönlichen Objekte seines Angriffs".

Neem mens een van die heel vroegste gedigte van Horatius, nl. Epode XVI, dan is dit duidelik dat hierdie gedig alreeds die kiem van Horatius se houding in sy latere digwerke bevat, nl. dat die digter as vermanende profeet optree tot heil van sy volk: „Führer vor die Gegenwärtig gedachten Römer, rüttelt sie auf und ziegt ihnen den Weg zu ihrem Heile"⁽⁶⁾. Getrou aan sy profetiese roepingsbesef (cf. vs. 66: „vate me") waarsku hy, hier nie teen sekere groepe of persone nie, maar teen 'n toestand wat die Romeinse volk bedreig, nl. dié van hernude burgeroorlog:

Altera iam teritur bellis civilibus aetas,
 suis et ipsa Roma viribus ruit.....
 in pia per demus devoti sanguinis aetas,
 mollis et ex spes
 in nominata per primat cubilia:
 vos quibus est virtus muliebrem tollite luctum, ...

(Ep. XVI, l-39 passim)

Hierdie is juis (volgens Klingner) die opvatting van die amp of waarde van die digter wat Horatius op hom neem soos die digters van eeu voor hom, nl. om soos Archilochos en Solon tot hul tydgenote te spreek en soos Euripides maatstawwe en doelstellings voor te skryf aan die maatskappy. Dit kom vir Horatius in hierdie sestiende Epode nie soseer aan op die verhuising as sodanig nie, ook nie op die hoedanighede van die eiland van geluk nie, maar dit kom vir hom daarop aan om die onskuldiges, die vromes uit die besoedeling van 'n sondige Romeinse lewe te red, d.w.s. dit het direk betrekking op die morele verhoudings in die Romeinse wêreld. Dit word gesien as die veroordelende begin van hierdie Epode wat gestel word teenoor die moontlikheid van uitredding wat aan die einde in die midde van sy volk geleë word:

Altera iam teritur bellis civilibus aetas,
 suis et ipsa Roma viribus ruit: (1-2)
 Iuppiter illa piae secrevit litora genti,
 ut inquinavit aere tempus aureum,
 aere, dehinc ferro duravit saecula, quorum
 piis secunda, vate me, datur fuga. (63-66)

Hierdie houding, wat die satire ook later ten grondslag
 lê, beskryf Klingner (7) as volg: „Das Gedicht ist nicht
 eine von Wunsch und Sehnsucht eingegebene politische
 Schwärmerei, sondern eine in räumlichen Anschauungen
 ausgedrückte Abwendung von dem schuldbeladenen, ver-
 derbenschwangeren Wesen und Treiben ringsum, ein Aufruf
 an die Wackeren, reine Bezirke des Lebens aufzusuchen.
 Das ist aber wirklich, wie vorhin gesagt wurde, der
 Inbegriff dessen was Horaz in seinen späteren Gedichten
 tut. Immer wieder steht er in dir Abwehr gegen eine
 Verkommenheit, etwas Ungesundes, Verderben drohendes,
 immer wieder weist er auf reine, gesunde, sichere Be-
 zirke des Daseins hin, freilich ohne sie ins Raümliche
 zu verlegen". In die woorde: „(Romam) quam neque finiti-
 mi valuerunt perdere, Marsi, impia per-
 demus devoti sanguinis aetas.... (vs. 3-10) sien ons
 die skerpte van aanval, die element van veragting en
 verwerping wat grens aan verbitterde spot, skerper nog

as wat mens in die satire van Horatius sou aantref.

Epode IV skep die indruk van 'n spontane uit-barsting. Tereg merk Fraenkel^(8a) hier op dat die oorheersende tema nie die digter se eie verhouding is tot die man wat hy aanval nie, maar dat 'n algemene tipe hier ontbloot word, wat meestal na vore kom in 'n politieke krisis en sosiale en ekonomiese disintegrasie. Die spot-element kom duidelik na vore in die laaste strofes:

Quid attinet tot ora navium gravi
rostrata duci pondere
contra latrones atque servilem manum,
hoc, hoc tribuno militum?

Die voorwerp van Horatius se aanval en bittere spot is hier „an arrogant and upstart freedman a type of those wealthy freedmen of great nobles, who from the time of Sulla begin to figure so prominently in Roman society”^(8b). Die tekening van hierdie figuur kom baie ooreen met Juvenalis se „Niliacae plebs” en Crispinus:

Cum pars Niliacae plebis, cum verna Canopi
Crispinus, Tyrias umero revocante lacernas,
ventilet aestivum digitis sudantibus aurum
nec suffere queat maioris pondera gemmae,

difficile est saturam non scribere (Sat. I,
26-30). Die skerpste van oordeel en spot is egter by
Horatius nog treffender as by Juvenalis:

Lupis et agnis quanta sortito obtigit
tecum mihi discordia est,
Hibericis peruste funibus latus
et crura dura compede
licet superbis ambules pecuria,
fortuna non mutat genus. (Ep. IV, 1-6)
..... Sectus flagellis hic triumviralibus
praeconis ad fastidium
arat Falerni mille fundi iugera, (11-13).

Hierdie bytende spot oortref selfs die skerpste satire
van Horatius in satiriese graad.

In dieselfde gees is ook Epode VI op te neem, waar
Horatius verklaar dat ook hy op die aanval uit is ("me
remorsurum"), en in dié verband die funksie van die
jambe van Archilochos en Hipponax aan sy eie Epode
koppel:

Cave, Cave: namque in malos asperrimus
parata tollo cornua,
qualis Lycambae spretus infido gener,
aut acer hostis Bupalo.
An si quis atro dente me petiverit,

inultus ut flebo puer? (Ep. VI, ll-16).

Ook Epode VIII en XII bevat skerp veroordeling en spot, maar weens die ~~κίνδυνος~~ is dit vir die moderne smaak weersinwekkend.

Met die bespreking van hierdie enkele voorbeeld uit die Epode is die vernamaaste kenmerke daarvan aangetoon: die veralgemening, volgens Wili die „Entpersönlichung und Typisierung" van skynbaar persoonlike objekte van sy aanval, die bitsige spot waarmee meesal sosiale versteurders aangeval word, en die vermaning met morele doelstellings. Knoche⁽⁹⁾ noem die moontlikheid dat die gelyktydige werk aan die Epode en vroeë satire daartoe kon meewerk dat die karakter van die begin af anders sou ontwikkel as dié van Lucilius⁽¹⁰⁾. Uitsluitlik politieke temas en die aanval van hooggeplaasde persoonlikhede is by Horatius heeltemal uitgesluit. Die innerlike afweer teen die verkeerdheid en die verdorwenheid wat hom in die ses-tiende Epode laat twyfel aan Rome, het hierna vir tien jaar lank op die voorgrond van sy digwerk gebly, waarin hy die leiding neem tot nuwe morele doelstellings en norme. In sy latere digwerke bly dit nog van die opmerklikste temas.

Naas Archilochos neem Horatius ook nog as voorbeeld Lucilius die satiredigter, en die kombinasie van albei dra in die eerste tien jaar van sy literêre produktiwiteit by tot die afweer en waaksamheid teen die sosiale en morele verval. Daar is egter terselfdertyd ook nog 'n duidelike verandering in toon wat (11) Klingner soos volg stel: „Dass Hassliche, Bedruckende wurde zum Lächerlichen, Unmut und Verzweiflung, wie sie sich in der sechzehn tem Epode zeigen, mildern sich zur ironie, zum urbanen Lächeln, zum nachdenklichen Scherzen ab. So entstanden die Satiren”

B. Benadering van Lucilius.

Met die oog op die tipering van die eie aard van Horatius se satire, sal hier vooraf eers ingegaan word op Horatius se benadering van die satire van Lucilius. Daarby sal die ooreenkoms en verskille tussen Lucilius en Horatius ook aangetoon word.

Horatius gee in sy laaste satire (II, i) 'n aanduiding van die vegtersgees wat in hom geopenbaar word, iets wat hy in gemeen het met sy model, Lucilius:

..... quo fit ut omnis

votiva pateat veluti descripta tabella

vita senis. Sequor hunc, (Sern. II, i. 32 sq.).

Hieroor maak Fraenkel (12) die volgende opmerking:

"..... it had been Horace's ambition, especially in the earlier stages of his writing Satires, to follow closely his fore-runner, Lucilius, who 'sale multo urbem defricuit'" (Serm. I, X, 3).

Die literêre navolging van Lucilius deur Horatius was al baie die onderwerp van bespreking sedert die publikasie van Iltgen se „De Horatio Lucilii Aemulo" in 1872. In 1876 beweer prof. Tyrrel in die Hermothema, dat die mate van navolging „is very much greater than is generally supposed". Sedertdien het daar 'n grondige studie van prof. Fiske verskyn: „Lucilius and Horace". Hoofsaaklik beïnvloed deur Fiske se teorie oor die klassieke navolging, gee Duff (13) 'n kort oorsig van hierdie probleem. Die navolging soos toegepas deur Horatius beteken nie noodwendig onoorspronklikheid nie, alles hang af van hoe die ontlening of navolging geskied. „Greek sources do not make Latin literature second-hand any more than the use of Italian novelle or of North's Plutarch makes Shakespeare a plagiarist. Horace himself recognised the difference between free adaptation and slavish copying..... When Horace took from Lucilius a story or situation, he not merely modernized it as Pope in the eighteenth century

did with some of Chaucer's tales of the fourteenth, but he also transformed it to his own times and by adding his own experiences". Die navolging in die geval van Horatius is hoofsaaklik tweevoudig. Daar is (volgens Duff) die direkte navolging van strofes en frases uit Lucilius, en die oorneem van eiename, en tweedens is daar die oorneem van die idee van sommige van sy satire. Daarby het Horatius, volgens getuienis uit Serm. I. 4-10, 'n afkeer gehad van die onnoukeurige taalgebruik van Lucilius, oorhaastige en slordige komposisie asook sy kwaai aanvalle.

"Following the ancient practice of imitation, Horace found themes in Lucilius, as Lucilius had found themes in popular philosophic dialogues" (14).

Die hele doel van Fiske se ontleding, soos hyself in die inleiding ook duidelik stel, is om aan te toon dat Horatius aan die een kant 'n navolger is van Lucilius volgens sy uiteensetting van die „Classical Theory of Imitation", en aan die ander kant tog 'n uiters oorspronklike digter is wat uitdrukking gee aan sy eie teorieë oor die lewe, kuns, en die literêre, sosiale en etiese aspekte van die Augustynse tydperk.

Vir Horatius is die aanknopingspunt vir die satire Lucilius; satire is vir hom nog die „character Luci-

lianus", maar daar is tog tekens van verskil, selfs van opstand teen Lucilius. In Serm. I, IV en I, X het mens die bewyse van sy afhanklikheid en van opstand. I.v.m. Serm. I, X maak Hendrickson ⁽¹⁵⁾ die opmerking dat Horatius se kritiek alleenlik indirek met Lucilius self te doen het. Lees mens dit saam met I, IV, dan is dit duidelik dat dit vir Horatius hier gaan om 'n probleem van die oomblik, nie as 'n saak van historiese kritiek nie, maar om 'n norm te stel vir sy eie beoefening van die satire. Tereg meen Fiske ook dat die kritiek op Lucilius gebaseer is op Horatius se standpunt as navolger van die latere eenvoudige styl en die ironiese humor wat daarmee saamgaan. Ons wil hierdie siening aanvaar, egter met dié voorbehoud dat dit alleenlik betrekking het op die taal en styl van Lucilius. Wat die aard van die satire betref, gaan die saak vir Horatius veel dieper, dit sit naamlik in sy karakter en sy opvoeding. Dan moet Serm. I. IV in sy geheelsverband saam met die laaste gedeelte geneem word (102-133), wat Kiessling/Heinze ⁽¹⁶⁾ soos volg saamvat: „Mein scherzenden Freimut ist frei von jeder Bosheit und durch die väterliche Erziehung geweckt, welche mir die Fehler anderer mit ihrem schlimmen Folgen zur Warnung vorhielt. So habe ich mich gewöhnt, zu eigenem Nutz und Frommen

auf meiner Mitmenschen Tun zu achten und darüber auch eigenes zu Papier zu bringen". Hierin moet ons 'n erkenning van Horatius self sien; van die eie aard van sy satire, waarin nikks skerp en summier veroordelend te bespeur is nie, maar waarin die selfvorming (*correctio animi, correctio sui*) ten grondslag lê. Ons kan hierdie gedeelte dus opneem as die positiewe sy van Horatius se kritiek op die gees van die satire van Lucilius, wat ook 'n regverdiging van sy eie satire is, cf. Serm. II. i. Fraenkel (16 b) stel dit so: "The confession that writing Satire in the manner in which he does it is part and parcel of his own nature and is for him a moral necessity - this confession, coming from so honest a man, is likely to prove a more effective defence than any theoretical demonstration could be. Horace is still far from achieving the perfect selfportraiture which delights us in his maturest satires, but he is well on his way to it".

Soos die geval met die Epode, is die persoonlike aanval vir Horatius hier nog die wesentlikste kenmerk van satire. Maar dan sien ons uit Serm. I. iv en I x dat hy Lucilius as model aanvaar op sekere voorbehoude. Die bespreking van Serm. I. iv is tweevoudig: aan die een kant word sekere stilistiese benodighede vir die satire ondersoek, en aan die ander kant sy morele regverdiging.

Na 'n kort erkenning van sekere positiewe kwaliteite van Lucilius volg 'n skerp aanval op sy stilistiese tekortkomings, sy oorhaastige en onnoukeurige manier van skryf. Daarteenoor stel Horatius dan sy eie manier van optrede, en verskuif ook sy betoog vanaf artistieke oop punte na morele oorwegings, wat dan lei tot die erkenning hierbo aangehaal, nl. dat die skryf van satire vir hom 'n morele noodsaaklikheid is wat bydra tot selfvorming.

C. Die Sermones.

i. Benaming: In die eerste plek sal hier gelet word op die probleem van die benaming van Horatius se satire. Oor die algemeen word die feit dat Horatius sy satire "Sermones" noem en nie "satura*e*" nie, in verband gebring met die gees waarin Horatius hierdie genre benader. So is daar Knoche⁽¹⁷⁾ wat van mening is dat Horatius die term "satura*e*" vermy om assosiasie met die satire van Lucilius, in elk geval met die suiwer polemiese satire te omseil.

In die MSS. word die satire van Horatius "sermones" genoem. Horatius praat wel van die genre as "satura"¹⁷ (Serm. II, i, 1 sq.: "Sunt quibus in satura videor nimis acer et ultra legem tendere opus;", met verwysing na sy eie werk, en ook van die afsonderlike gedigte as

"saturae" (Serm. II, vi, 17: "..... quid prius inlustrem saturis musaque pedestri?"). Daarteenoor praat hyself van die satire soos voorheen Lucilius (fr. 1039), as "sermones" (Epist. I, iv, l II, ii, 60), en dit is dieselfde naam wat hy gebruik vir die Epistulae (Epist. II, i, 4). Nou meen Knoche dat Horatius die woord "satura" opsetlik vermy het. "Es wäre vielmehr denkbar, dass Horaz das Wort „satura“ geflissentlich im Titel vermieden hat, weil es damals mit der Bedeutung der persönliche Invektive behaftet war, und dass wollten Horazens Satiren ja nicht sein" (18). Ons kontensie is egter dat waar Horatius wel die term "satura" gebruik vir sy satire, hy dit tog sekerlik in verband wil bring met die genre satire, en ons dus nie kan praat van 'n opsetlike of doelbewuste vermyding nie. Horatius noem sy satire wel Sermones, soos ook Lucilius, sodat hierdie benaming ook assosiasies sou skep met die tradisionele satire van Lucilius. Knoche se verklaring val dus weg, en ons moet konstateer dat sy siening nie lig werp op Horatius se benadering van die satire nie.

In 1911 het Hendrickson (19) met 'n heel ander verklaring gekom, nl. dat Horatius die term "satura" a) in boek I glad nie gebruik om sy satire aan te dui nie, terwyl dit wel verwag sou word by Sat. I. iv en x, en

b) nie gebruik as naam van sy satire nie, omdat die woord „satura" teen 30-40 v. C. eers aanvaar is en daarna geleidelik eers opgeneem is in die woordeskat. Daarteenoor het A.L. Wheeler ⁽²⁰⁾ na ons mening met volle oortuiging aangetoon dat vir alle literêre genres in die klassieke 'n tegniese benaming in die literêre kritiek nog nie voorgekom het nie; daarom dat Horatius so vele male gebruik maak van vae benamings soos „genus hoc" ens. Ook hierdie sieningwerp egter geen lig op die gees waarin Horatius hierdie genre benader nie. Kiessling/Heinze ⁽²¹⁾ meen dat Horatius wel die woord „satura" gebruik om dit te verbind aan die „genre" waaraan dit behoort, en tesame met die verklaring van Wheeler kan ons sê dat die presiese benaming net min voorkom omdat „vague and periphrastic terminology are merely part of the usual poetic manner of the Romans". Heinze skryf: „Mit dem Namen „saturae", der daneben begegnet (Serm. II, vi, 17), hätte er dann nur die Gattung gemeint, zu der sie gehören, wie Ovids „Amores" zu den Eligia, und deren Eigenart so fest steht, dass Horaz von einer anerkenn-ten „lex" der „satura" sprechen kann" (Serm. II, i, 1 sqq.). Heinze vervolg dan (p. XVI): „Über den Stoff sagt dieser Name nichts aus, in der Wahl seines Objekts ist der sati-rische Dichter an keine Schranke gebunden; wohl aber

soll in die *satura* ein polemisches Gedicht sein, dies Wort im weitesten Sinne verstanden. Grad und ziel der Polemik lässt die grösste Mannigfaltigkeit zu, und Horaz geht hierbei, unbekümmert um Lucilius Verbild, ganz den Weg, den ihn seine eigene Art und Stellung wie der Geist seiner Zeit wies".

Ons kan dus sê, ongeag of Horatius die woord, "sermones" as titel of "*satura(e)*" as aanduiding van sy satire gebruik, hy in elk geval nie deur sy benaming enige onderskeid met die tradisionele konsepsie van satire wil aandui nie. Hy erken intendeel ronduit dat hy hom ten volle in die satire begewe (cf. Serm. II, i, 34-46).

Horatius se beskouing oor die vorm en inhoud van die satire kan nog verdere ligwerp op die benaming van die Sermones, soos hy dit stel in Serm. I, iv, 39 sqq.:

"primum ego me illorum, dederim quibus esse poetis,
excerpam numero: neque enim concludere versum
dixeris esse satis; neque si qui scribat uti nos
sermoni propiora, putas hunc esse poetam.

Ingenium cui sit, cui mens divinier atque os
magna sonaturum, des nominis huius honorem..."
en verder: "nisi quod pede certo
differt sermoni, sermo merus" (46 sq.).

Wat dus by die inhoud van die Sermones ontbreek om dit 'n "carmen" te maak, is die "mens divinior at-

que os magna sonaturum". Daarsonder is dit „sermo merus". Waar Horatius nou in Serm. II, vi volgens die inhoud afwyk van die sermo, gebruik hy vir die eerste keer die woorde „musa" en „carmen", maar dan tipeer hy die muse hier „halb scherhaft" (Heinze) as „musa pedestris": „quid prius inlustrem saturis musaque pedestri?" (17). Die volgende woorde duï ook direk op hierdie besondere satire: „Matutine pater seu Iane libentius audis, tu camminis esto principium" (20-23).

Volgens Heinze (21 b) maak Horatius op skertsende wyse hier in onderskeid met die muse van die carmen „der alte Vergleich der poetischen Rede mit dem Reiter, der prosaischen mit dem Fussgänger wird zum Bilde, wenn Horaz halb scherhaft seine Muse selbst zu Fusse gehen, statt hoch zu Rosse sitzen lässt. Ausdrücklich hervorgehaben wird das neben saturis, um den inneren Widerspruch zwischen dem illustrare 'verherrlichen', zu dem die Himmung des Dichters drängt, und der satirischen Gattung noch deutlicher hervortreten zu lassen. Der Grundstimmung, nicht der Form nach, ist dies Geschenk der Muse ein carmen (v. 22) welche Bezeichnung Horaz sonst nie auf seine sermones anwendet".

Na alle waarskynlikheid gebruik Horatius dus die woorde „sermones" as titel vir sy satire om die eienskap

van „sermoni propiora“ en „sermo merus“ ook in die titel van sy werk duidelik te stel.

ii. Bespreking: Rudd (22) interpreteer Serm. I. iv as 'n verdediging teenoor vyandige kritiek en neem hiermee 'n standpunt in teenoor prof. Hendrickson (23), wat beweer dat Serm I. iv 'n reaksie is teen die tradisionele opvatting van satire en daarom teen Lucilius.

Rudd beweer in die eerste plek: Die ou Komedie en Lucilius het oortreders aan die kaak gestel. By implikasie eis Horatius dieselfde reg vir homself op. Horatius doen dus 'n beroep op die aard van Lucilius se satire as 'n voorbeeld om openlike aanvalle te maak, maar hy sê nêrens dat hyself ook van dié element gebruik maak nie. Dit is dus belangrik, aldus Rudd, om die gevolgtrekking te maak dat Serm. I. iv geen veroordeling van die gees van Lucilius se satire bevat nie.

Dit is egter duidelik dat Rudd met hierdie interpretasie die ironie van Horatius se satire buite rekening laat. In Serm. I. iv, 7-21 maak Horatius beswaar op spottende wyse teen die uiterlike onversorgdheid van die Luciliiese satire: „Ek heg geen waarde aan kwanti-teit nie: daarin mag Crispinus my wel ver oortref, want ek, daarenteen, skryf weinig en selde“. Hierin merk ons openlike spot met die soort skrywer soos 'n

Crispinus. Vanaf 1. 21 volg 'n uiteensetting van Horatius se eie opvatting van die satire, waarby verskillende aspekte ter sprake kom. Die hele opset van die satire ter sprake volg dus 'n patroon van teenoor-mekaarstelling van die satire van Lucilius en sy eie benadering van die satire. Ons meen dus dat Rudd verkeerd is om te beweer dat Serm. I iv geen veroordeling van Lucilius of dan die tradisionele satire bevat nie.

In 'n tweede artikel (24) sit Rudd sy mening verder uiteen deur op die volgende vrae antwoord te verstrek:

- a) Was dit werklik nodig vir Horatius om sy werke te verdedig, m.a.w. of hy wel iets geskryf het voor Serm. I. iv wat hom aan kritiek kon blootstel?
- b) Het Horatius alreeds van sy werke gepubliseer, sodat hy alreeds 'n wye leserskring gehad het en die kritiek so geregverdig sou wees?
- c) Wat presies het Horatius aan hierdie veronderstelde kritiek blootgestel?

Wat a) betref kan ons met Rudd saamstem dat daar wel sekere gedigte geskryf is wat Horatius kon blootstel aan kritiek. Daar is o.a. Epode 4, 5, 6, 7, 8, 10, 12 en

17 wat 'n aanvallende karakter openbaar. "All of these could have given the reader the impression that Horace possessed an aggressive and malicious temper".

Met 'n mate van sekerheid neem Rudd aan dat Serm. I. ii aan Serm. I. iv kon voorafgaan, waarin daar "thinly-veiled references to real people" is.

Aangaande b) antwoord Rudd dat dit duidelik is uit Serm. I. iv, 22-23 en 70-71 dat Horatius nog geen-een van sy werke gepubliseer het nie, maar hy hou vol dat sekere satires, wo. moontlik I. ii bekend kon raak verder as sy vriendekring vir wie moontlike private afskrifte bedoel was. Rudd bly egter hier aangewys op veronderstellings, en lg. blyk 'n uiters gedwonge veronderstelling te wees wat bowendien die woorde van Horatius omseil:

Cum mea nemo scripta legat, volgo recitare
timentis ob hanc rem
quod sunt quos genus hoc minime iuvat ...
(Serm. I. iv. 22-24).

Rudd se kontensie aangaande c) verval ook in die lig van ons bevinding in b).

Rudd verwys verder na wat Horatius self sê aangaande die aard van sy satire en Epode: In Epist. I xix, 23 deel hy nee dat hy nie dieselfde materiaal of

dieselbde woorde as Archilochos gebruik nie, maar dat hy die ouer digter se metrum en gees navolg. „This spirit, however much we may suppose Horace to have softened it, remains essentially censorious". Die bekende palinode van Ode I. XVI bewys die bestaan van sekere „criminosi libri", ook die dreigement van Epode vi. Horatius sê min oor sy satire self, maar in Epist. II, ii, 60 noem hy dit „Bionei sermones", gekarakteriseer deur die „sal niger". Hierby vergeet Rudd skynbaar die aanvaarde ironie in die geval van Epode vi. Wat die orige verwysings betref, hou Ruad ook nie rekening met die enge veralgemening van die antieke literêre kritiek, 'n belangrike gevolgtrekking waartoe Hendrickson (25) gekom het nie.

Ondat Serm. I. iv belangrike ligwerp op die gees waarin Horatius die satire benader, asook die eie aard van sy satire, sal aan die hand van Hendrickson se bevindings hier 'n bespreking daarvan gegee word. In Serm. I. ii, volgens Hendrickson „the earliest specimen of the poet's work in this field which he allowed to survive ", is dit duidelik dat Horatius hom voorgeneem het om satire te skryf volgens die tradisie van die vorm begin deur Lucilius. Dit openbaar ook 'n ruheid en vryheid van spraak wat dié van sy voorganger ewenaar.

"But after all, coarseness and cynicism were not the natural expression of his nature, which was gentle and refined, and it is probable that the force of literary tradition led him to forms of expression and criticism which violated his own inclinations and tendencies" (26).

In Serm. I. iii merk ons reeds 'n toename van onafhanklikheid by Horatius, en het hy hom ook inderdaad bevry van alle beperkings wat die tradisie van satire op hom geleë het. "With a growing independence, based upon his own nature and the confidence inspired by influential friendships, he presents as a satirist a wholly different front". Alhoewel Horatius in Serm. I. iii begin met die bytende manier van satire as hy die karakter van Tigellius bespreek, slaan hy tog gou oor tot 'n veroordeling van alle ongesonde en kwaadwillige kritiek, terwyl hy 'n pleidooi lewer vir die humane Toleranz, verdraagsaamheid teenoor die foute van andere. Die gees van hierdie satire verskil aansienlik van die tradisie van satire. Hendrickson maak dus die gevolg-trekking: "Thus near the beginning of the poet's career we see him repenting of the tone which his first work had assumed and repudiating the function which criticism had assigned to this branch of composition".

Dit bring ons by Serm. I iv, waar die skrywer hom oënskynlik wil verdedig teen die vyandige kritiek wat sy verse ontlok het. Maar Hendrickson betwyfel dit of 'n digter, tot dusver nog onbekend met geeneen van sy werke nog gepubliseer, daarin kon slaag om soveel haat en kritiek te ontlok soos wat blyk uit sy "verweer" in Serm. I. iv. Serm. I. iii waar hy verdraagsaamheid bepleit, bewys ook die teendeel van die opvatting dat Horatius rede sou hê om te antwoord op kritiek of om honsself te verweer. Dit bewys eerder dat Horatius geen simpatie het met die opvatting van die satire soos wat dit gangbaar was onder sy tydgenote nie. Dat daar wel so 'n kensepsie was, blyk uit die woorde van Diomedes: „Carmen maledicum ad carpenda vitia hominum". In Serm. I. iv kry ons in die eerste gedeelte 'n protes teen die tradisionele idee van die karakter en funksie van satire, terwyl die tweede gedeelte sy eie opvatting uiteensit. „I do not believe that Horace is here justifying himself before the harsh criticisms of a public which felt aggrieved and injured by his attacks, nor do I believe that the contents of the satire and the criticisms of himself which it presents are drawn from life. It is, on the contrary, a criticism of literary theory put concretely"⁽²⁷⁾.

"His object is to show in the first place, why this suspicion is entertained, and, in the second place, to disclaim the applicability of such a conception of satire to himself and to his work as he proposes to practice it". Daarom begin Horatius met die geskiedenis van die satire soos wat die literêre kritici van sy tyd en voor hom dit ingesien het, en verduidelik so waarom "genus hoc minume iuvat" (l. 24).

I.v.m. vs. 1-5: Die ou Komedie word hier gekarakteriseer, nie in al sy manifestasies nie, maar in besonder ten opsigte van die eienskap wat dit die gevreesde aanval op kwaaddoeners van daardie tyd gemaak het.

Vs. 6-8: Ons kan die woorde alleenlik interpreteer met die betekenis wat die ou Komedie in die een aspek nagevolg het, nl. agressiewe, aanvallende gevathheid. Volgens Hendrickson: "It is therefore essential to keep in mind that Horace here means to limit sharply Lucilius' indebtedness to the old Comedy to that quality which made Cratinus and Aristophanes feared and hated in their time, and which, as practised by Lucilius, had caused people to look with suspicion and fear upon satire the old comedy was conspicuous for its aggressive, relentless wit; Lucilius followed it in this respect, and hence from that time all who call them-

selves satirists are regarded with suspicion"⁽²⁸⁾.

Vs. 34-38: Was Horatius werklik so skerp in sy aanvalle dat die hele Rome hom daarom sou haat en vrees? Dit is duidelik (volgens Hendrickson), dat dit nie die geval is nie. Horatius gee met hierdie woorde alleen 'nbeeld van die algemene opvatting van satire self, waarteen hierdie betrokke satire 'n protes vorm.

Vs. 103-106: „The poet's revolt against classification with the traditional masters of satire is nowhere more direct than in these words. Horace affirms that what little licence of speech he may have been guilty of, is not due to the emulation of the spirit of Lucilius or Aristophanes, but to the homely habit inculcated by his good father..... At all events, he now chooses to disavow any indebtedness which he may have owed to the literary tradition of satire" ⁽²⁹⁾.

Vs. 107-143: Horatius impliseer dat sy werk meer voortspruit uit sy gewoonte, van sy vader geleer, om daarna te strewe om sy eie foute te verbeter deur te let op die oortredings en mislukkings van ander.

Teen die persoonlike kritiek, aggressiwiteit, strewe na publisiteit en kwaadwillige gees wat satire veronderstel was om na te streef, stel Horatius sy eie ideaal. Hy sou nie kwaaddoeners op 'n persoonlike wyse

vervolg nie (70); die doel van sy satire is om ook sy eie foute te verbeter (106 sqq.); hy wil nie seermaak nie (78); hy sal nie andere belaglik maak ten koste van hulself nie; hy verlang nie die gehoor van die straathoeke (38), die baddens (75) of die boekwinkels nie (71), maar is tevrede met die gehoor van sy vriende.

Hendrickson het dus met volle reg aangetoon dat Serm I. iv 'n reaksie is teen die tradisionele idee van die karakter van satire, en dat dit Horatius se eie opvatting van die satire uiteensit.

Fraenkel (30) het die onderwerpskeuse, Lucilius-navolging, aktualiteit van die kritiek en samestelling van Serm. I. ii, iii en vi asook II. vi vergelyk om 'n nadere verklaring te gee van die ontwikkeling van Horatius en die groei van sy satire. Die vernaamste gevolgtrekking waartoe hy kom, is dat die satire as „aanvalsdigwerk" verander na 'n digwerk van uitsprake oor homself - „dass die Satire als Angriffsdichtung sich wandle zu einer Dichtung der Aussprache über das eigene ich". Ook in sy nuwere Horatius-werk (31) het Fraenkel getrou gebly aan hierdie standpunt. Die verse I: iii, 63-67 toon volgens Fraenkel die eerste skrede van Horatius op die weg na sy latere meesterskap in die *Selbstdarstellung*. Nou is hy weg van die gesogte aktuali-

teit en die verband met Lucilius, en swaai dit om na die uitbeelding van sy persoonlike belewenis. 'n Verdere fase in hierdie ontwikkelingsgang sien Fraenkel in die selftekening van Serm. I. vi, die deurdringing tot persoonlike ervaring in I. v, en die ommeswaai vanaf „nugae"-temas in I. vii en viii, wat reeds in styl en gees ware Horatius-satire is. Na 'n konfrontering van 'n eie kunsopvatting met die digwerk van Lucilius in Serm. I. x, kom Fraenkel dan by Serm. II, vi. Volgens hom is dit die volmaakste satire van Horatius, waarin hy duidelik en sonder twyfel die opvatting van Horatius oor die wese van satire sien as 'n uitspraak en spieëlbeweld van die eie persoon.

Die sesde satire van boek II staan volgens sy inhoud teenoor al die ander⁽³²⁾. Hier kry mens nie die wese van die gesprek „sermo", nie; die digter spreek sy dank uit teenoor Maecenas en sy gedagtes gaan oor in 'n dankgebed aan Mercurius. Sy omgewing is nie die grootstad Rome soos in die ander satire nie; hy is alleen op sy Sabynse landgoed. Die wonderlikheid van hierdie nuwe besit en die daar mee gepaardgaande geluk is vir hom die vervulling van 'n begeerte. Dit word ook simbool van sy bevryding. Hierdie sesde satire onthul meer as wat hierdie digsoort toelaat - die in-

nerlike gevoel van sy hart, die verlange na teruggetrokkenheid en 'n eie besit. Kortliks, nie die afwerende, kwaadonthullende gesindheid van sy innerlike lewe kom hier tot uiting nie, maar 'n goedkeurende en tevrede gevoel van sy hart. In die aanroeping van Mercurius merk Fraenkel (33) die gebruik van die woord „carmen”, terwyl dié betrokke werk tot die „sermones” behoort. „It is to this momentary elevating of the present poem to a higher level, the level of a 'carmen', of lyric, that the question 'quid prius inlustrem?' forms a prelude” (34).

Boek II van die satire vertoon 'n baie meer verfynde styl. Daar is 'n nog verdere afname in die enigsins persoonlike satire en die gebruik van eiename, terwyl daar 'n merkbare toename is in die gebruik van populêr-filosofiese temas wat gepas is vir sy meer sosiale satire en filosofie. Veral in Serm. II, ii, iii en vii is die verband met die populêre filosofie van die Cynici en Stoïsyne duidelik. Belangrik is dus die opmerking van Fiske (35) in hierdie verband: „Horace's concern is with the art of life and in this sense most of the satires of this second book may be said to pave the way for the epistles”.

Alleenlik Serm. II, v kan hier uitgesonder word. K.G. Zumpt en Hugh Last (36) stem ooreen in hul beskry-

wing: Zumpt noem dit „Eine der kräftigsten Satiren, die mehr als alle anderen dem Begriffe dieser Dichtungssart entspricht”, terwyl Hugh Last dit bestempel as „the most satirical of his (Horace's) satires”. Vir hierdie twee skrywers moes die woord „satiries” 'n betekenis gehad het in ooreenstemming met die satire van Juvenalis. Wat hulle in gedagte het word duidelik geformuleer deur Sellar (37): „If Juvenal recognised any affinity between his own invective and the „Venusina Lucerna”, it must have been with the spirit of this satire (II. v), that he found himself in sympathy”. Fraenkel meen ook dat hierdie satire nie 'n beeld gee van die digter se eie *bios* nie, ook beeld dit nie die menslike lewe of 'n aspek daarvan uit nie, „it is a caricature, full of vigour and brilliant wit, but acid and cynical throughout Had Horace followed this track still further, he might have been in danger of changing from the pugnacious yet good-natured Venusinus into a venomous Aquinas. Being Horace, he checked himself, and when he realized that the natural stream of his sermones had ceased to flow, he abandoned the writing of such poems.” (38). Dit is dus duidelik dat ons hier met 'n uitsonderlike geval in Horatius se satire te doen het, in elk geval een wat geensins in verband gebring kan word met enige

ontwikkelingslyn by Horatius nie.

In Serm. II, i gaan dit byna uitsluitlik om die morele regverdiging van sy satire, of oor die inhoud daarvan. Dit vorm nie 'n verdediging van sy styl of vorm nie, maar van sy materiaal of stof. Fraenkel (39) ag dit as waarskynlik dat Horatius 'n finale verslag wou gee van wat hy beskou as die ware gees van sy satire, en om sy gedagtes uit te spreek oor die gees waarin hy dink dit geskryf moet word. Volgens Fraenkel gee Horatius hier 'n heel ander idee van Lucilius as in Serm. I, iv, en sou Horatius dan die self-tekening insien as sentrale aspek in Lucilius se satire. „Only when Horace in his own work had freed himself from direct imitation of certain obvious features of his model, above all the personal invective, and had begun to use his *satura*, not solely but largely, as an instrument of selfportraiture - only then was he capable of seeing that the work of Lucilius was primarily self-portraiture (40). Ons wil dit egter sterk betwyfel of dit werklik Horatius se bedoeling was om hierdie weergawe van Lucilius te gee soos wat Fraenkel dit verklaar.

Hoewel Horatius in Serm. II, i, 30 (*Ille velut*

fidis arcana sodalibus olim credebat libris quo
 fit ut omnis votiva pateat veluti descripta tabella
 vita senis) 'n duidelike outobiografiese karakter aan
 die satire van Lucilius toeken, en verklaar dat hy hom
 navolg (sequor hunc ...), meen Heinze⁽⁴¹⁾ dat Horatius
 in sy satire, wat die outobiografiese karakter betref,
 geheel en al verskil van Lucilius. Dit is wel waar
 (beweer Heinze) dat ons in die fragmente van Lucilius
 'n beeld van die digter se persoonlikheid kry soos sel-
 de in 'n ander letterkundige werk. „Aber die Absicht
 solcher Selbstdarstellung dürfen wir darum dem Schrift-
 steller so wenig zuschreiben wie etwa dem Lyriker,
 der in jedem Gedicht ein Stück seines Inneren offen-
 bart, ohne im entferntesten die Absicht zu hegen,
 sich dem Publikum als so oder so gestaltete Individuum
 vorzuführen“. Lucilius gee wel indrukke van reaksie
 op sekere dinge rondom hom, en gee so 'n beeld van sy
 eie persoon. Maar Heinze betwyfel dit of dit die doel
 van Lucilius kon wees: „Aber dass dies Ich selbst dem
 Schriftsteller zum Objekt der Erforschung, Prüfung,
 Bildung geworden wäre, dass er, der so viel von seinen
 Erlebnissen erzählt hat, je über sich selbst reflek-
 tiert hätte, - davon findet sich in den Fragmenten

keine Spur, und wir dürfen sagen, es würde das zu dem Bilde, das wir aus den Fragmenten gewinnen, gar nicht stimmen".⁽⁴²⁾ Daar is dus in Horatius se satire 'n duidelike ontwikkeling te bespeur in die rigting van 'n outobiografiese karakter, en hy verskil hierin ook radikaal van Lucilius.

Die gevolgtrekking waartoe ons nou kom is dat, hewel Horatius met sy benaming van „sermones" en die gebruik van die woord „satura(e)", duidelik geen onderskeid wil maak met die tradisionele satire nie, hy tog volgens 'n analise van enkele satires 'n eie opvatting omtrent die satire ontwikkel. So bevat Serm. I, iv 'n protes teen die tradisionele opvatting van die satire, en dit word by Horatius 'n middel tot selfvorming (Klinger) en selftekening („selbstdarstellung" - Fraenkel). Hiermee is die bedoeling egter geensins dat Horatius die satiriese gees heeltemal laat vaar het nie, maar dat „satire" volgens die eie aard van Horatius soos hierbo uiteengesit, 'n bepaalde ontwikkeling ondergaan het.

D. Die Satire voortgesit?

1. Die briewe: Hendrickson⁽⁴³⁾ voer aan, met oortuigende bewysplase uit Horatius self, verder uit Quintilianus, Suetonius, Porphyrio, Sidonius Apollinaris asook Statius, dat die Sermones en Epistulae van Horatius wesen-

lik aan dieselfde literêre genre, nl. die satire behoort. Die metrum, temas en gees van albei is dieselfde, hoewel die epistulae 'n ryper werk is en daarin 'n groter perfeksie na vorm en inhoud bereik is as die vroeër werk van die satire.

Casaubon het in sy „De satyrica Graecorum et Romanorum Satira" aangevoer dat die brieue van Horatius geensins 'n aparte literêre vorm van die satire is nie: „Ferendi non sunt qui epistolarum libros satirarum apellatione ac numero censerint excludendos" (44).

Daar is geen bewys uit die inhoud vir die term Epistulae nie, en in sy verwysings na sy brieue sluit Horatius dit by sy vroeër werk in onder die gemeenskaplike term van Sermones, hoofsaaklik om daarmee die styl van hierdie werke te tipeer, as „sermoni propiora".

Ander bewysvoerings word o.a. in Suetonius aangetrof, wat die Sermones en Epistulae onder dieselfde term insluit: waar hy praat van die voorkoms van die digter, volg hy met: „ut a semet ipso in satiris describitur" (45). Hierdie opmerking is gegrond op Epist. I. iv, 15; I. xx, 24, en Serm. II, iii, 309.

Hendrickson haal vervolgens aan uit Porphyrio (Ad. Serm. I. i, 1), waaruit dit duidelik blyk dat die Epistulae en Sermones van Horatius aan dieselfde poëtiese

genre, die „satura" behoort: „..... quamvis Saturam esse opus hoc suum Horatius ipse confiteatur, cum ait 'sunt quibus in satira videor et ultra legem tendere opus', tamen proprios titulos voluit ei accomodare. Nam hos priores duos libros Sermonum, posteriores Epistularum inscripsit". Hierdie mening van Porphyrio word ook bevestig deur sy opmerking in Ad. Serm. II, i, 1: „hos duos libros cum Sermonum inscripserit, tamen de his sic loquitur quasi de Satura Iucilium sequens". In Sidonius Apollinaris (46) (middel van die vyfde eeu n. C.) kry mens ook dieselfde gedagte: „Non quod per satiras, epistularum sermonumque sales voluit sonare Flaccus". Hierdie mening word direk en ondubbelzinnig saamgevat deur Porphyrio (ad Epist. I. i): „Flacci epistularum libri titulo tantum dissimiles a sermonum sunt. nam et metrum et materia verborum et communis adsumptio eadem est".

Hendrickson is daarvan oortuig dat die oorspronklike titel van die twee satire-boeke van Horatius „Sermones" was. Die MSS. van Keller en Holden bevestig dit, alhoewel die Blandinius vetustissimus die titel „eclogarum" moes gehad het. Tog het latere kommentare, soos dié van Kiessling, Orelli- Mewes en Hertz die term „satira" gehad. Hendrickson (47) is van mening dat

hoewel Horatius sy twee boeke as „satirae" bestempel het, hy dit tog nie noodwendig so moes noem nie, net so min as wat Ovidius sy (Epistulae) Ex Ponto, „elegi" so moes noem: „In fact, just as the title „(Epistulae) Ex Ponto" was applied by Ovid to his last four books of elegies from Tomi because of their form, so the titles Sermones and Epistulae may have been given by Horace to his different books of Satires, as indicating in a general way the different forms of the „musa pedestris" which he had chosen. Because in his later Satires he had chosen a more personal form of utterance for his reflections on life and literature, he may have employed for them the name „epistulae", the writings themselves differing, to be sure, in the maturity and perfection of their thought and execution, from their earlier works, but not essentially in range of matter or method of treatment".

Ook Duff (48) sluit Horatius se briewe in by sy bespreking van die satire, so ook Knoche (49) wat sê: Horazens Episteln gehören zur gleichen künstlerischen Gattung wie die satiren. Das bezeugt Porphyrio zu Epist. I. i, 1 und Serm. I, i, 1. Horaz selber legt es nahe (Epist. II. i, 250 sqq, dazu II. i, 4) und ausserdem lehrt die Betrachtung von Metrik, Sprache

und Stil, dass die grundlage hier wie dort die gleiche ist. Nur hat Horaz seine künstlerische Meisterhaft vervollkommnet. Die Unterschiede zwischen den Episteln und den Satiren sind also ein wesentlichen aus der menschlichen Entwicklung des Dichters zu erklären, zum weitaus kleineren Teil aus dem neugewählten Rahmen". Dat die briewe 'n organiese voortsetting is van die satire, getuig ook Fraenkel (50) - „they show many characteristic features of those „sermones“, both in form and in matter".

Volgens Heinze (51) is die Briewe van Horatius nie 'n uitloper of voortsetting van sy satire nie, maar dit is voor alles geskryf om sy eie filosofiese oortuigings en persoonlikheid kundig te maak. Heinze erken wel sekere trekke in die Briewe wat sterk ooreenkomen met die satire (52), maar hou tog vol dat ons hier met 'n wesenlik ander genre te doen het: „Als Philosoph aber vor allem hat Horaz sein Buch der Briefe geschrieben: und zwar, was nun zehr wichtig ist, ganz wesentlich als ein auf Epikurs Wegen die ~~cognitiv~~ suchender". Ons wil egter hierteenoor volhou dat die filosofiese tendens 'n belangrike aspek is van die briewe, maar nie die briewe as sodanig uitmaak nie; dit dui op 'n hoogtepunt in 'n sekere ontwikkelingslyn wat reeds in

die satire 'n oorheersende aspek begin word het.

As voorbeeld uit die Epistulae wat 'n duidelike satiriese gees bevat, kan Epist. I. xix genoem word; terselfdertyd sal die verskil tussen die ander brieue en die genoemde brief aangedui word.

As Horatius aan Maecenas skryf (I. xix), spreek hy op 'n ongeduldige toon sy teleurstelling uit oor die ontvangs wat sy Ode gehad het; dit vervul sy gedagtes met 'n enkele emosie en hy kan van niks anders praat nie (53). In Epist. I. xiv raai Horatius sy „vilius" af om na die stad te verhuis. In Sat. I. i kry mens die selfde tema: ontevredenheid met jou lewenslot, *μεμυριοίπια*. Daar is egter 'n verskil in die aanwending van hierdie tema. Alhoewel hy die dwaasheid van die „vilius" se begeerte besef, gebruik Horatius tog nie skerp taal nie. Fraenkel verklaar dit: „..... he refrains from using severe language, not only because he likes his servant, but also because it has become part of his philosophical self-education to view human affairs in true perspective". In l. 12 sluit Horatius homself ook in onder die tipe wat hul skuldig maak aan *μεμυριοίπια* — „stultus uterque locum inmeritum causatur inique". In Serm. I. i word daar volgens die Hellenistiese diatribe eers 'n algemene

stelling neergelê en vervolgens geïllustreer deur 'n reeks voorbeelde. Die brief (I. xiv) toon die omgekeerde volgorde. Die bespreking begin by Horatius self en die man aan wie hy skryf. Deur nou vanaf hierdie besondere geval te gaan na die algemene verskynsel, word 'n stadium bereik waar die algemene aspekte van die probleem duidelik word - "this approach from the angle of a practical question is a distinctive feature of Horace's Epistles"⁽⁵⁴⁾. In Epist. I. xiv word ook 'n simpatieke benadering van die slaaf se begeertes en perverse smaak aangetref, en in stede van die slaaf net 'n les voor te hou, dring Horatius deur tot sy persoonlike lewensiening.

Epist. I. ii (*Troiani belli scriptorem*) herinner in sekere opsigte baie aan die latere satire, meer dogmatis as enige ander werk in die Briewe. Daar is egter 'n besondere verskil in die behandeling van die tema: "He takes the sting out of the moralizing by including himself in the number of the many who are at fault"⁽⁵⁵⁾.

Soos reeds genoem, is Epist. I. xix geskryf na aanleiding van die ontvangs van Horatius se drie boeke *Carmina* in die algemene publiek. Horatius gee nou uitdrukking aan sy teleurstelling en gegriefdheid in 'n brief aan Maecenas. Die begin bevat 'n stelling van

algemene waarheid:

Prisco si credis, Maecenas docte, Cratino,
nulla placere diu nec vivere carmina possunt
quae scribitur aquae potoribus.

Hierdie metode om te begin met 'n stelling van algemene waarheid, herinner baie aan die satire (vgl.

Serm. I. i, 3 en ii, 2; Epist. I. i, 6). Dit blyk nie bloot toevallig te wees nie. Courbaud⁽⁵⁶⁾ sê van hierdie brief dat dit opgevat is „sur un ton d' ironie satirique et d'apologie personnelle, qui permet de la rapprocher des satires 4 et 10 du livre I et 1 du livre II". Terwyl Horatius hier saamstem met die bekende stelling *Εδωρ δε πινων Χρηστον
οὐδὲν ἀν τέκοις* behandel hy dit tog met spottende oordrywing soos dit by sy „sermones" pas. Die verwysing na hierdie *ύδωρ δε πινων καλ*. dien hier 'n opvallende duel. Hierdeur maak Horatius nie alleen 'n aanval nie, maar 'n summiere verwerpning van die kortsigtige gedrag van die sg. „imitatores" (8-20).

Sinne soos: „vina fere dulces oluerunt mane Camenae", en

..... non cessavere

poetae nocturno certare mero, putere
diurno, (vs. 5 en 10-11).

gee 'n duidelike idee van Horatius se bespottende verwerpning van die dilettante.

In die Briewe merk mens 'n groot vooruitgang in die rypheid van gedagte en uitdrukking. Voorop staan vir Horatius nou 'n etiese belangstelling (57) „The first book of epistles, which as „sermones" claim our attention, shows that an ethical preoccupation now dominates Horace". In Epist. I. i, 10 verklaar Horatius met 'n mate van minagting: „nunc itaque et versus et cetera ludicra pono", nie alleen met betrekking tot die ligttere Ode nie, maar ook daardie Ode waarin daar 'n hoë ideaal en ernstiger etiese doel gestel word „in which he had summoned his countrymen to repentance and reform" (58). D'Alton verklaar hierdie verskynsel as 'n geleidelike oorgang wat alreeds in die satire merkbaar is. Horatius self gee daarvan aanduidings cf. Epist. I. i, 10 en xiv, 36. Hiervolgens moet mens aflei dat daar by Horatius 'n besef bestaan van 'n hoë doel in die lewe, en van ernstige probleme in die menslike lewe wat opgeklaar moet word: „He can tell his contemporaries what is wrong with the world, lay bare the maladies that afflict society, pass in review the various panaceas for happiness,

prescribed by the leaders of philosophy, and add many a piece of golden advice drawn from the treasures of ripened experience (59).

By watter filosofiese sisteem Horatius oock al aan-sluiting gevind het, bly dit tog duidelik dat, binne die gebied van die filosofie, sy allesoorheersende belang-stelling in die etiese probleme lê. Ook hierin kan 'n voortgesette lyn vanaf die satire opgemerk word.

D'Alton (60) stel dit soos volg: Horace's interest in ethical questions was undoubtedly accentuated by the evils of his age, to which he was keenly alive. He describes (Epist. I. i, 53, 77; ii, 44; xi, 27), the mad race for wealth, the unscrupulous legacy-hunting, the fruitless search for happiness in large villas and constant change of scene, which characterized the society of his day". Horatius stel dus in sy briewe aan die kuns 'n hoë morele doelstelling en ook hierdie aspek kan deurgaans vanaf die satire nagespeur word: its greatest task is that of fashioning the character of the young, and eradicating vicious habits from their minds. While at other times (Odes IV. viii, 28; ix, 26) he dwells on the immortality which poetry can confer on the subject of its song, here he is especially interes-

ted in the poet as a teacher of morals". In die Briewe word die probleem van rykdom en weelde met 'n oorwiegend moraliserende tendens benader. Hier is dit die latifundia-vraagstuk wat telkens na vore kom. Deurgaans, vanaf die Epode deur die satire en Ode tot by die Briewe, is dit vir Horatius 'n bron van onophoudelike satiriese uitings, sodat D'Alton (p. 158) opmerk: "It looks as if Horace desired to rouse invidiousness by the very suggestion of the word", met verwysing na Epode iv, 13, Ode II, ii, 9; II. iii, 17; II. xviii, 23 et seq.)

'n Belangrike aspek van Horatius se briewe word aangehaal deur E. Courbaud, (61) as hy die eenheid van die Briewe sien in die outobiografiese karakter daarvan: "Voilà le caractère propre des Epîtres; tout y est direct, vivant, particulier, rien de général ou d'abstrait. Une lettre à Celsus ou Florus n'est pas faite pour Iccius où Bullatius ... Et voilà ce qui distingue l'oeuvre d'Horace des traités antérieurs, presque impersonnels sous leur forme épistolaire. L'Epître reste avec lui, une lettre personnelle". Ook Heinze (62) meen dat die eerste boek van die Briewe sy eenheid daar-in vind dat dit die persoon van Horatius as middelpunt

bevat. Horatius het na sy veertigste lewensjaar by 'n keerpunt in sy lewe gekom. 'n Nuwe lewenswyse het hom daartoe gebring om geheel en al op sigself aangewese te wees. Die digterlike getuienis van hierdie innerlike ontwikkeling word gevind in die eerste boek van die Briewe wat 'n literêre selftekening en tegelyk 'n filosofiese protreptikos bied. Na aanleiding van Turolla (63) se bevindings toon Burck aan dat die saambindende en sentrale karakter van die Briewe die „Ziel einer Outobiografia spirituale" is. Hy sien reeds in die satire en ook die Ode voorstadiums van hierdie ontwikkeling, sodat sy vroeëre werke reeds die weg wys na sy meesterwerk (Briewe), waar elemente van hierdie „ideale ascetico della caelestis sapientiae" voorkom. Heinze (64) teen dat Horatius in sy briewe bewustelik 'n beeld wou gee van sy eie geesteslewe. „Horaz hat, wenn ich ihn recht verstehe, in seinem Briefbuch mit vollbewuster Absicht ein Bild seiner Seele oder sagen wir seiner Persönlichkeit dargeboten So ist denn das Buch der Briefe ein literarisches Selbstporträt, nicht in flüchtiger Laune skizziert, sondern in jahrelanger Beobachtung bis ins kleinste ausgeführt und abgerundet" Sein ganzes Dichten drängt von Jugend an

nicht so sehr darauf, die Aussenwelt zu erfassen und künstlerisch zu gestalten, als darauf, das eigene Ich unmittelbar zu manifestieren..... Seine Krönung hat dies ganze Streben im Buch der Briefe gefunden; was früher halb unbewusst geschehen war, ist hier zum vollen Bewusstsein gelangt".

Samevattend kan nou gesê word dat die „Sermones“ en „Epistulae“ van Horatius wesenlik aan dieselfde genre, die „satire“ behoort, hoewel ons in die „Epistulae“ 'n ryper werk het na inhoud en vorm. Dieselfde temas kom voor (ontevredenheid met lewenslot, veroordeling van weelde wat rykdom besorg, die latefundia-vraagstuk ens), maar dan met 'n verskil in die aanwending van die tema. Skerp veroordeling kom nie voor nie. Die rypheid van gedagte en uitdrukking word geopenbaar in die hoofsaaklik etiese belangstelling in die brieue. Hierin kan 'n voortsetting gesien word vanaf die satire waar 'n opvoedingstaak vir Horatius ook voorop gestaan het, en 'n moraliserende tendens kan herlei word uit die veroordeling en aanvalle. Die selftekening wat in die latere satire sterk op die voorgrond tree, word in die Brieue 'n saambindende faktor, sodat die outobiografiese karakter 'n eenheid verleen aan die afsonderlike

briewe, asook 'n voortsetting aandui vanaf die satire.

ii. Satiriese elemente in die Ode.

Die doel is hier om aan te toon dat die satire ook in Horatius se liriek nie geheel en al ontbreek nie; dat die gees van die Epode, Satire en latere Briewe in die Ode nie verdwyn het nie, maar in gematigde vorm in sy liriek ook teruggevoer kan word tot sy ander werke.

Die belangrikheid om die Horatius van die Ode nie te isoleer van die Horatius van die Satire nie, is reeds beklemtoon deur Duff⁽⁶⁵⁾, "There is another point worth emphasis in a survey of his works: From first to last the satiric was never entirely absent from his writings. Present in the majority of Epodes, it appears at times even among his lyrics, where the prevailing inspiration has also amply justified his own claim to be at his most poetic height".

Burger⁽⁶⁶⁾ noem 'n hoofstuk van sy werk oor die Ode van Horatius "Satirische Lierdichten". Afgesien van vele verregaande gevolgtrekkings, bied hy tog 'n heel oorspronklike siening van 'n baie belangrike aspek in die Horatius-interpretasie sover dit die Ode betref. Hier het mens ten minste 'n poging (hoewel dit nie die uitsluitlike bedoeling is nie) om die Ode van

Horatius enigsins in verband te bring met die Horatiusgees van die Satire, Epode en Briewe.

Burger sien 'n sterk satiriese gees in Ode III, 19, (67) die drinklied n.a.v. 'n drinkfees by Murena, waарoor hy dan hierdie opmerking maak: „Ondanks de versmaat is het echter geen lyrisch gedicht in den nu gebruikelijken zin; daarom kon een man als Peerlkamp het niet waarderen. Het is een levendige kleine Satire Het is een heel eigenaardige vorm van een satirisch lierdicht, waarop de uitgevers van Horatius nog niet de aandacht gevestigd hebben". Ons wil met die grondgedagte van Burger wat hierdie Ode betref, saamstem, hoewel hy met ander besonderhede soos bv. dat 'n gedeelte van die woorde in die mond van Maecenas gelē moet word, en dat die aanleidende gebeurtenis behoort tot die Brundisiese reis, en dus verband hou met Serm. I. 5, nie veel steun vind nie. Hoofsaak is egter dat Burger die kern van die situasie hier reg begryp, nl. dat Horatius hier „een levendige kleine satire" in liriese versmaat skep. 'n Mens sou eintlik wou sien dat Burger presies formuleer in watter mate dit as satire bedoel is, maar so ver gaan hy ongelukkig nie. Vanuit hierdie oogpunt beskou,werp Kiessling/Heinze (68) se interpretasie meer lig op so 'n opvatting: „Das Essen ist verbei aber einer der Tiel-

neimer, der die Unterhaltung an sich gerissen hat, kann kein Ende finden mit seinen langatmigen Vorträgen voll abstruser Gelehrsamkeit. Da fährt der Dichter dazwischen" Die hele Ode maak dus 'n skerpe teregwysing uit, vol ironiese spot, teenoor 'n vriend wat altyd en oral met geleerde beskouings besig was en andere daarmee lastig val. Die positiewe booskap wat hieruit spreek is dat 'n eensydige, al te ernstige lewensopvatting ook soms by die regte geleentheid plek moet maak vir ware lewensgenieting, 'n beskouing wat pas by Horatius se lewensfilosofie van „*norea mediocritas*“ (Od. II, iii). Die hele gedagtegang van die Ode pas mooi aan by Od. II. xi, waarvan die kern saamgevat word in verse 11 en 12:

quid aeternis minorem
consiliis animum fatigas?

Ongelukkig laat Burger by Ode II. xi geen verdere woord hoor waarom hy ook dié Ode indeel by „Satirische Lierdichten“ nie. Aanvullend kan ons sê dat Horatius hier in verset kom teen 'n lewensbeskouing wat hom alleen vaskyk teen die sombere vraagstukke wat die wêreld teister op politieke gebied.

In die strekking van Od. III, xvii merk Burger die-

selfde goedige spot met Lamia, wat dan te koop sou loop met sy afkoms, om dan heel onverwags te kom met 'n al te alledaagse stukkie raadgewing, vol goedige spot.
 „De Ode doet hem ons kennen als een man die in omslachtig gepraat over sijn voorhistorische afstamming belang stelde De beschouwingen, de voorspelling en de raad dien Horatius tot hem richt, dragen het kenmerk van lichten spot, een spot die de getroffene zelf niet zal gevoeld hebben, maar de vrienden van Horatius des te beter" (69).

Die inhoud van Ode II. xv leen hom ook vir 'n interpretasie soos wat Burger bied, behalwe dat hy die woorde nie in die mond van Horatius self lê nie, maar in dié van 'n redenaar. 'n Bekende tema in 'n groot gedeelte van sy Ode, Epode en Satire asook Briewe is dat hy hom teen alle weelde, trouens uiterstes op alle gebiede wend. Hier het ons 'n sterk bewoerde uitlating in die Ode oor dié verskynsel as 'n „nasionale epidemie". Tereg wys Burger (70) daarop dat 'n uitdrukking soos „copia narium" nie in 'n liriese gedig van pas is nie: „..... de uitdrukking past zeker meer in eene satire dan in een lierdicht, maar ons gedichtje is dan ookinderdaad eene satire. Echt satirisch denkt de spreker zich in den toestand die binne kort werkelijkheid zal

worden het is scherp en sarcastisch, niet eigenlik dichterlijk". Hierdie gedig skep dan ook nie die indruk van 'n liriese gedig te wees nie. Burger noem dit as rede waarom dit nie kon beantwoord aan die eise wat Peerlkamp vir 'n liriese gedig stel nie, „eischen die man niet het recht heeft, den satirisch-lyrischen dichter voor te houden". Burger kom dan tot die gevolgtrekking: „Een heel mooi voorbeeld van een stuk satire in lyrische maat".

Dieselde morele doelstelling wat die satire ten grondslag lê, kom ook in die Ode voor. Volgens D'Alton (71) die Ode „in which he had summoned his countrymen to repentance and reform". In 'n politieke, sosiale en ekonomiese oorsig van die latifundia-vraagstuk skets D'Alton die atmosfeer waarin Horatius geleef het, om so ook lig te werp op die vele verwysings in Horatius na hierdie verskynsel. Uit D'Alton se aanhalings en verwysings uit al Horatius se werke blyk dit 'n belangrike faktor in sy lewe en tyd te gewees het. Hierdeur het D'Alton ook bewys gelewer van watter eenheid daar in Horatius se werke bestaan ten opsigte van sy standpunt oor hierdie probleem. Deurgaans, vanaf die Epode deur die Satire en Ode tot by die Brieue is dit vir Horatius

'n bron van onophoudelike satiriese uitings. In Od. II. xviii, 23 sqq. beskryf Horatius op treffende wyse hoe die arm man met vrou en kinders uit die huis gedryf word. Die verbittering agter hierdie woorde is voelbaar ook waar hy in Od. II. xv, 1. sqq. met eweveel verbittering die gedagte wil huisbring dat die uitbreiding van die rykman se besittings ten koste van die arm eienaar, dikwels die skep van plesier-oorde tot doel het. Die onsekerheid van grondbesit word geteken in Serm. II. ii, 129, 133, ook Epist. II, ii, 158 sqq.. Hierdie toestande wat aanleiding gegee het tot die agteruitgang in die landbou, het as gevolg gehad die toeloop van armes en ontworteldes na die stede, die „mobilium turba Quiritium" (Od. I. i, 7) wat Horatius diep verag het (73). As maatskaplike probleem het hierdie groepe 'n onophoudelike vloed van satiriese opmerkings by Horatius verwek. Die veranderlike plebs (ventosa plebs - Epist. I. xix, 37; cf. Od. III, ii, 20; Epist. I. vi, 7 en xvi, 33) wat altyd gereed was om 'n gunsteling met hul omkoopbare steun oral te begunstig.

In sy veroordeling van rykdom en oormatige weelde, veral die skerpheid daarvan in die Ode, is daar 'n merkwaardige ooreenkoms tussen Horatius en Juvenalis. Horatius is egter sterk moraliserend oor hierdie onderwerp,

terwyl Juvenalis by skerp veroordeling bly. Met 'n moraliserende tendens benader Horatius telkens die probleem van rykdom en weelde. Armoede (Od. III. xxiv, 62) en 'n klein inkomste was die groot kwaad en skande, en 'n man se waarde is geskat na die hoeveelheid geld in sy besit - „quia tanti quantum habeas sis" (Serm. I. i, 62; II. v, 8). „Regina pecunia" (74) het besluit oor 'n man se toekoms, en 'n vol beursie het sukses in die lewe beteken. Die gierigheid van sy tydgenote loop ook deur onder sy slae (Od. II. xv).

As Horatius ingaan op die saak van oordrewe weelde, dan sonder hy veral die sug na groot villas vir sy aanvalle uit. Od. II. xv. duï op die skerp veroordelende houding van Horatius t.o.v. hierdie verskynsels. Soms bou die rykaard, nie tevrede met die land alleen nie, sy villa tot uit in die see. Daar is ook vele satiriese uitings van Horatius oor persoonlike weelde, veral weelderige kleredrag. Od. II. xvi, 35 sq:

..... te bis Afro

murice tinctae

vestiunt lanae:

Epist. II. ii, 181:

gemmas, marmor, ebur, Tyrrhena	sigilla, tabellas,
argentum, vestis Gaetulo murice tinctas	

sunt qui non habeant

Od. III, i, 42 sqq.:

quodsi dolentem nec Phrygius lapis
 nec purpurarum sidere clarior
 deleuit usus nec Falerna
 vitis Achaemeniumque costum,

"The poet directs his attacks especially on certain refinements of luxury, that characterized the tastes of the epicures of his day His aim was not to give a complete picture of the luxury of the table in his time, but to inveigh against the excessive refinements and fastidiousness of Roman gastronomy, and ridicule the vulgarity of a parvenu like Nasidienus (75).

Ode III. vi, die laaste van die sg. "Romeinse Odes" is bekend vir sy skerpte van aanval en veroordeling, veral vs. 17 sqq. Dit toon verskeie ooreenkomsste met sekere gedeeltes in die Epode, veral die "politieke" Epodes vii en xvi, nie alleen t.o.v. een of ander detail-gegewe nie, maar ook t.o.v. die fundamentale benadering. Die Ode III, vi eindig met:

aetas parentum peior avis tulit
 nos nequiores, mox datus
 progeniem vitiosiorem.

Hierdie slotverse beskryf die geleidelike afname vanaf goed na sleg, en is dieselfde degenerasie wat aan die einde van die sestiente Epode beskryf word. Die verskil in omvang lê net daarin dat die morele verslewing waarna verwys word aan die einde van Epode xvi, die sentrale tema uitmaak in Od. III. vi, wat die sedelike verval in al sy weersinwekkendheid so uitbeeld dat dit die indruk skep asof Horatius die spot dryf met die Romeinse bevolking:

motus doceri gaudet Ionicos
 matura virgo et fingitur artibus
 iam nunc et incestos amores
 de tenero meditatur ungui:
 mox iuniores quaerit adulteros
 inter mariti vina, neque eligit
 cui donet inpermissa raptim
 gaudia luminibus remotis,

sed iussa coram non sine conscientia
 surgit marito (vs. 21-32).

Hierdie verse is in hul skerpste van veroordeling, aanval en spot, eie aan die tradisie van satire; dit bevat 'n moraliserende tendens en bly dus nie alleen by die polemiese nie, maar ook 'n positiewe ideaal word gestel

III.

in die tekening van die „rusticorum mascula militum proles” (vs. 37). Hierdie Ode word dan 'n oproep van die strafende en vermanende profeet om na die eg-Romeinse sedes terug te keer.

So speel dieselfde gedagtes wat in die Epode en Sermones te vind is, ook 'n gewigtige rol in die Ode. Volgens Klingner (76) is daar een element in die Epode en Satire, nl. „Lehre und Mahnung, die wenigstens mittelbar und negativ gewandt ein Hauptbestandteil der Satire sind, und das Bekenntnis des eigenen Lebensgefühls wachsen in die Liriek hinein”. Een van die vroegste Odes, II. xviii, bevat in sy tweede deel, in 'n vorm waarin mens nog die kuns van die moraalfilosowe (77) bemerk, 'n waarskuwende aanmaning, gerig aan 'n ryk "bousugtige" persoon. Klingner meen dat hierdie tweede gedeelte van Od. II. xviii net sowel in die satire kon staan; mens dink bv. aan Serm. I i.

Od. II. xviii:

parum locuples continente ripa:
quid quod usque proximos
revallis agri terminos et ultra
limites clientium
salis avarus? pellitur paternos
in sinu ferens deos

et uxor et vir sordidosque natos. (22-28).

Serm. I. i:

Qui fit, Maecenas, ut nemo, quam sibi sortem
seu ratio dederit seu fors obiecerit, illa
contentus vivat, laudet diversa sequentis? (1-3).

Alleenlik word die waarskuwing hier geensins in die vorm van skerts en ironie gestel, soos dit die kenmerk van die satire is nie en ook word die gedagte aan die dood nie in die satire as bewysgrond gebruik nie. Horatius stel ook in teëstelling met hierdie redevoering sy eie gelukkige posisie, wat nie in die satire voorkom nie, met die uitsondering van Serm. II. vi. Die waarskuwende gedeelte van hierdie Ode (II. xviii), kom weer byna net so terug in Od. III. xxiv, en daarvandaan gaan die ontwikkeling na II. xvi. Die „Bekenntnismotiv" kom hier ook voor, egter nie teëstellend met die res nie, maar as doel en eindpunt van sy bewysvoerings aan die einde van sy gedig.

Wat Horatius se politieke uitinge betref, is daar 'n ononderbroke samehang van die Epode na die Ode te bespeur; alleenlik word die ou motiewe deur die nuwe wêreldtoestand in 'n sekere mate beïnvloed. Die motief van Ep. XVI word weer na vore gebring in Od. II, xxiv, waar die onbeheerde gier tot losbandigheid en sedelike

verval gestel word teenoor die beeld van 'n gesonde en reine samelewing. Hier voer Horatius sy gedagtes tot die ware wortel van die euwels, nl. die morele toeslade, en hy kom tot 'n skerpe veroordeling van die Romeinse lewe (cf. supra). In Ode III.vi word die verval teruggevoer tot die afkeur van die gode en die verwoesting van die familie. In die "Romeinse Odes" (III. i-vi), openbaar Horatius homself as geestelike kier en vermaner, en ook daar kry mens uiters skerpe veroordeling. Hier is Augustus egter die waarborg vir sy hoop dat sy vermanings en veroordelings nie vrugteloos sal wees nie.

Ons sien dus dat Horatius ook in sommige Odes daarin slaag om die wese van sy satire in liriese versvorm en inhoud voort te sit. Want ook die Ode bevat die bestraffende houding van die satire in sekere opsigte, met 'n hervormingsoogmerk op morele gebied. Ook die element van spot en veroordeling kan voorkom in die Ode, steeds gerig teen tipes en verskynsels in die maatskappy.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK III.

1. Walter Wili, Horaz und die Augusteische Kultur, p. 45.
2. Cf. Hoofstuk II, p. 24
3. Kiessling/Heinze, Q.Horatius Flaccus, Satire, p. xiv.
4. Fraenkel, Horace, p. 57, cf. Wili, op.cit. p. 47.
5. W. Wili, op. cit. p. 47.
6. F. Klingner, Gedanken über Horaz, Die Antike, V. i, 1929.
7. F. Klingner, op. cit. p. 26.
- 8(a) E. Fraenkel, op. cit. p. 58. 8(b) Page, p. 471.
9. U. Knoche: Die Römische Satire, p. 47.
10. Om die verskil tussen die Satire van Lucilius en Horatius egter alleenlik vanuit hierdie oogpunt te verklaar, sou 'n eensydige opvatting wees waarin nie rekening gehou word met die selfstandige geestestruktuur van Horatius, asook die besondere tydsomstandighede nie.
11. Klingner, op. cit. p. 29.
12. Fraenkel, Horace, p. 6.
13. Duff, Roman Satire, p. 58 sqq.
14. Duff, op. cit. p. 61. Cf. Fiske, Lucilius and Horace, Chap. III.
15. Hendrickson, The Genesis of a literary form, Class.

Philology, Vol. VI, 1911.

16. Kiessling/Heinze. Q. Horatius Flaccus, Satiren, p. 68, 16(b) Fraenkel, p. 127.
17. U. Knoche, Die Römische Satire, p. 49.
18. Ibid.
19. G.L. Hendrickson, Class. Phil. Vol. VI, 1911, p. 141. sqq.
20. A.L. Wheeler, Class. Phil. Vol. VII, 1912. pp. 457 sqq.
21. Kiessling/Heinze, Satiren, p. XVI. 21(b) Heinze, p. 301.
22. N. Rudd, Classical Quarterly. Vol. 5, 1955 p. 142 sqq.
23. Hendrickson, American Journal of Philology, xxi, 1900.
24. N. Rudd. American Journal of Philology. Vol. LXXVI, 1955, p. 165 sqq.
25. Hendrickson. American Journal of Philology. Vol. XVIII, 1897.

Hendrickson verwys na Horatius se eie opmerkings oor die satire, wat daaraan skynbaar 'n bytender en baie skerper karakter besorg as wat dit in werklikheid is, en vervolg dan: "It does not represent so much the momentary mood of the writer as it does the difference between the narrow gene-

ralization of the literary criticism of antiquity
and the wider facts of literary practice". (p. 313.)

26. Hendrickson, Am. Journal of Phil. 1900.
 27. Hendrickson, Am. Journal of Phil., p. 124.
 28. Hendrickson, Am. Journal of Phil., p. 125 sqq.
 29. Hendrickson, Am. Journal of Phil., p. 135.
 30. Fraenkel: Das Reifen der Horazischen Satire (Festschr.
R. Reitzenstein, Leipzig, 1931).
 31. Fraenkel, Horace.
 32. Klingner, Gedanken über Horaz, Art. in Die Antike,
Band V. 1. 1929.
 33. Fraenkel, Horace, p. 140.
 34. Fraenkel, p. 140.
 35. Fiske: Lucilius and Horace, p. 20.
 36. Aangehaal deur Fraenkel, Horace, p. 144. Zumpt,
art. „Über das Leben des Horaz", 1843, verskyn in
Wistemann se horuitawe van Heindorf se kommentaar
op die Satire.
- Hugh Last: Cambridge Ancient History, x. 438.
37. W.Y. Sellar, Horace and the Elegaic poets, p. 70.
 38. Fraenkel, Horace, p. 145.
 39. Fraenkel, Horace, p. 147 sq.
 40. Fraenkel, op. cit. p. 152.
 41. Kiessling/Heinze, Briefe, p. 376

42. Kiessling/Heinze, loc. cit.
43. G.L. Hendrickson, "Are the Letters of Horace Satires?"
44. Hendrickson haal aan uit Casaubon, ed. Pambach, p. 229.
45. Suetonius.
46. Sidonius Apollinaris, Carm. IX, 221 sqq.
47. Hendrickson, "Are the letters of Horace Satires?", p. 322. sqq.
48. Duff, Roman Satire, p. 64-65.
49. Knoche, Die Römische Satire.
50. Fraenkel, Horace, p. 309: "Horace's epistles are an organic continuation of his satires!"
51. Kiessling/Heinze, Horaz, Briefe, voorwoord van Heinze, p. 368, sqq.
52. Heinze erken wel sekere satiriese elemente in die Briewe, maar dit maak daarvan nog nie satire nie:
 „Dass beide Gattungen sich auch, abgesehen von der Gleichheit der äusseren Form, in mehr als einem Punkte berühren, liegt auf der Hand. Auch die Episteln sind in den Schilderungen des törichten Treibens der Menge, von dem sich der Dichter lossagt, mit dem, ‚sal niger‘ der Sermones gewürst; wie dann in den Episteln, so spricht sich schon in den Sätzen der Dichter über seine Lebensführung aus und legt in philosophisch gefärbter Begründung deren Berech-

tigung dar!"

53. Fraenkel, Horace, p. 310. sq.
54. Fraenkel, op. cit. p. 312.
55. Fraenkel, op. cit. p. 315.
56. E. Courbaud, Horace à l'epoque des epîtres,
p. 318. Aangehaal deur Fraenkel, p. 315.
57. Duff. Roman Satire, p. 74.
58. D'Alton, Horace and his age., p. 126.
59. D'Alton, op. cit. p. 126 sq.
60. D'Alton, op. cit. p. 131.
61. Courbaud, Horace. Sa vie et sal pensée à l'époque
des epîtres, p. 29, aangehaal deur Fraenkel.
62. R. Heinze, Horaz Briefe. cf. Neue Jahrbuch für
Wissenschaft und Jugenbildung, Leipzig, 43. 1919,
305 sqq.
63. E. Turolla, soos verwys deur E. Burck (Nachwort
in Kiessling/Heinze, Horaz, Briefe) p. 390.
64. Heinze, Horaz, Briefe, p. 371, sqq.
65. Duff, Roman Satire, p. 64 sq.
66. C.P. Burger, Scherts en ernst in de Oden van
Horatius.
67. Burger, op. cit., p. 8 sqq.
68. Kiessling/Heinze, Horatius, Oden und Epoden, p. 336.
69. Burger, op. cit., p. 44.

70. Burger, op. cit., p. 60, sq.
71. D'Alton: Horace and his Age - a study in historical background.
72. D'Alton op. cit. p. 158. Die verwysings hier is na Ep. iv, 13; Ode II. ii, 9; II. iii, 17; II. xviii, 23 sqq.
73. Cf. Serm. I. vi, 17; x, 74; II. iii. 182; Ode II. xvi, 39.
74. Cf. Epist. I. vi, 37; Serm. II. iii, 94; Epist. I.x, 47.
75. D'Alton, op. cit. p. 195, 197.
76. F. Klingner, Gedanken über Horaz, Die Antike Bd. v. 1929, p. 33.
77. Klingner, op. cit.

HOOFSTUK IV.BESLUIT.i. Die eie aard van Horatius se satire.

By merendeel van die skrywers word in mindere of meerdere mate 'n erkenning van die eie aard van Horatius se satire aangetref, nl. dat dit afwyk van die gewone konsepsie van skerp aanval en verbitterde veroordeling.

'n Opvatting egter soos dié van Sedgwick⁽¹⁾, wat die Sermones as satire in twyfel trek, is uiters seldsaam: „His (Horace's) kind heart and his good sense were unsurmountable obstacles to his success in this genre (i.e. satire). I mean those that we call satires, for his causeries are delightful and not at all what we call satire". Hierteen waarsku Fraenkel in sy bespreking van Serm. I. ix⁽²⁾: „Here as elsewhere in the satires of Horace we must guard against the temptation of looking in them for that attitude of mind which most modern readers customarily, if unconsciously, seek in a Latin satire, the prototype of which for them is the satire of Juvenal".

Knoche⁽³⁾ skryf: „Die satirische Dichtung hat Horazens dichterischem Naturell besonders gut entsprechen, wie er es selber bekennt" (Serm. II. i, 28 sqq.):

Me pedibus delectat claudere verba
 Lucili ritu, nostrum melioris utroque.

Die kenmerk sowel as die uiteindelike regverdiging van satire bestaan in sy kyk op die lewe⁽⁴⁾. Horatius se benadering van sy omgewing en sy tyd is ook die van 'n kritiese beskouing. Sommige vir ons duidelike aspekte in die ontwikkeling van hierdie besondere benadering kan hier aangestip word, hoewel dit nie 'n verklaring is van sy karakter nie: sy vader se leiding in sy jongelingsjare; sy studie van die Griekse literatuur en filosofie in Rome en Athene, asook van die ouer Latynse digters, veral Lucilius; sy studieloopbaan in Athene, daarna as republikeinse leër-tribune; as geruïneerde opponent van die nuwe regering; en daarna as oortuigde ondersteuner van die pasgevormde imperiale sisteem van Augustus.

Knoche⁽⁵⁾ duï aan dat ook Horatius se persoonlike karakter hom laat neig tot die satire: „Was ihn zur Satire hinzog, das war zunächst etwas Allgemeines, ihr ganz persönlicher charakter, ihre Freude an der Kritik und ihre weite. Der Gegenstand der lucilianischer Satire war das menschliche Leben, auch das eigene, in all seinen Schattierungen gewesen, ein unerschöpfliches Thema, das auch Horaz, den ständiger Beobachter und realistischen Schilderer, vor allen anderen am Herzen

lag". In die middelpunt van die satire, ook van Horatius, staan die mens; aan die mens hou hy as't ware 'n spieël voor wat die verdorwene uitbeeld. Dit is die gesonde lewenskritiek wat Horatius sy sterk punt maak, sodat die terrein en weg van Lucilius ook dié van Horatius word. „Durch die Schilderung des Verkehrten sollte das Richtige evident werden, im Witz, im Scherz oder auch im sharfen Urteil, stets aber so wie es wohl auch im Gespräch sien könnte" (6).

Strodach (7) noem nog 'n aspek in Horatius se bandering van die lewe: „Thanks largely to his country distrust of sophisticated urban civilization, he was forced into the defensive attitude of the critic..... considering himself the heir of the satiric tradition, he found in it a vehicle of didacticism which had already endeared itself to the Italian heart". Persoonlike verbittering as gevolg van sy nederige afkoms of sy latere armoede het in die geval van Horatius g eensins bygedra tot sy kritiese houding nie, hoewel hy in Ep. II. ii, 51(die bekende „Florusbrief") verklaar: „paupertas impulit audax ut versus facerem". Teen so 'n gevolgtrekking waarsku Kiessling (8): „nicht als ob ihm die Verbitterung über sein ärmliches Dasien den Griffel geführt hätte - von solcher persönlichen Ver-

bitterung weisen seine Dichtungen keine Spur auf". Mens kan wel praat van 'n drang om sy persoonlikheid te laat geld en homself op te hef uit die stand van die mercennarii.

Walter Wili ⁽⁹⁾ lê spesiale klem op die etiese denke van Horatius se vader, wat gebaseer is op die sedes van 'n strenge Italiese volkskarakter. Horatius self bring hierdie opleiding in direkte verband met sy satire, cf. Serm. I. iv, 103-143. Hierdie lewenswysheid, die „etwas kleinbürgerliche Messkunst der Moral ist der persönliche Urgrund seiner Kunst der Satire geworden und war das einzige Faktum der frühen römischen Jahre, das ganz in seine Kunst eingehen sollte" ⁽¹⁰⁾.

Horatius se vroegste satire in sy eerste boek toon alreeds 'n fundamentele verstandhouding met sy medeburgers, en dwarsdeur sy Sermones slaag hy daarin om in 'n gees van verdraagsaamheid met menslike swakhede, die uitnemender weg aan te toon ⁽¹¹⁾. Duff wys op 'n evolusie in Horatius se lewensfilosofie, wat 'n afname toon in sy aanvaarding van die Epikurisme, en 'n toename in 'n meer rasionele Stoïsisme wat rekening hou met menslike beperkings. Nooit spreek daar in Horatius die filosoof wat aanhanger van 'n besondere outoriteit en propagandis vir 'n besondere sisteem is nie; hy bly net die lewenskunstenaar, wat vir homself uit elke sisteem verwerf en tot

sy eie gemaak het wat hom pas. Soos hierbo aangetoon deur W. Wili, kan Horatius se lewenskuns in alle geval soos dit spreek uit die satire teruggevoer word tot die opvoeding wat hy van sy vader ontvang het.

In vergelyking met die satire van Lucilius asook Juvenalis is dit duidelik dat daar 'n aansienlike verskil is in die satire van Horatius wat betref die polemiese gees. Kiessling ⁽¹²⁾ beweer dat Horatius se satire geen-sins „Invektiven“ is nie. „..... der Kern dieser Erzählungen und Betrachtungen ist nicht die Verspottung von Personen, sondern die Ereignisse und Erfahrungen, die den Dichter verlustigt oder verdrossen haben, und die Lebensweisheit, die er seinen Erfahrungen verdankt“. Alleenlik in uitsonderlike gevalle het haat en persoon-like veroordeling aanleiding gegee tot satiriese uitings. In die Priapeum van die versameling (Serm. I. viii), word Canidia as bose vyand gehoon en bespot ⁽¹³⁾, hoewel die komiese nie ontbreek nie. Behalwe in hierdie geval word die veragtende toorn van die digter uitsluitlik gerig teen lede van 'n literêre „clique“. Origens het Horatius sonder duidelike opgewondenheid persone voorgehou as voorbeeld vir alle moontlike misdrywe, en dit dan obskure persoonlikhede van wie sy tydgenote niks of min geweet het; anders dus as Lucilius, wat die „primores populi arripuit populumque tributim“.

In die satire is daar voorts ook nérens 'n bewys dat Horatius hom op die terrein van die openbare lewe en politiek gewaag het nie. Daarmee word die doel van sy polemiek verskuif: waar Lucilius sy teenstanders met die wapen van bytende spot en skerpe geestigheid op morele terrein wou aanval, daar neem Horatius nie genoë met 'n bestrassing of verplettering van die voorwerpe van sy satire nie. Belangrik is dus die opmerking van Kiessling in hierdie verband ⁽¹⁴⁾: „So ist Horaz kein strafender Richter, der einen delinquenten vor sein Tribunaal sieht und unbarmherzig süchtigt, kein Prediger, der einem Sünder zu Herzen und in das Gewissen redet: er ist vielmehr der menschenkundige, philosophische Beobachter der Dinge und Menschen überschaut und sich selbst zur Erheiterung, seinen der Belehrung zugänglichen Mitmenschen zu Nutz und Frommen die Irrtümer und Schwächen der Welt beleuchtet". Ooreenstemmend hiermee is die tipering van Bury ⁽¹⁵⁾: „Horace's avowed purpose in his satires is merely to lay bare vice and deceitfulness: ,Detrahere et pellem nitidus que quisque per ora cederet, introrsum turpis' (Serm. II, i, 64); his effective weapon is harmless ridicule without sharpness or sting:

, et me veluti custodiet ensis vagina tectus' (ibid., l. 40).

Horatius noem self 'n besondere karaktertrek van sy satire wat dui op die eie aard daarvan in sy eerste Satire (Boek I):

quamquam ridentem dicere verum
quid vetat?

Hierdie aspek word inderdaad ook by Lucilius aangetref, maar, soos dr. van Rooy⁽¹⁶⁾ aandui, oorheers hy Horatius, in teenstelling met Lucilius, die „ridiculum" die „maladicum", en word die „acre" en „grave" grotendeels vervang deur die „iocosum" en die „urbanum". Dit doen nie afbreuk aan die effektiwiteit van die satire soos Sedgwick in die hierbo aangehaalde passasie meen nie (cf. supra, p. 101). Duff⁽¹⁷⁾ meen dat juis hierdie tipe satire effektief is as hy sê: „Horace is the greatest and most versatile of Roman satirists - he proved, too, that satire could be potent and incisive without reliance upon indignation and venom. The truth, even an unpalatable one, can be told with a smile". Op die grappiger-ernstige aspek, wat die Griekse τὸ αἰνεῖν γέλων genoem het, en die effektiwiteit daarvan dui 'n aanhaling uit Persius:

Omne vafer vitium ridenti Flaccus amico
tangit et admissus circum praecordia ludit.

(Persius, I. 116-117).

As Hendrickson (18) beweer dat die Sermones en Epistulae van Horatius aan dieselfde literêre genre, nl. die satire, behoort, grond hy sy betoog o.a. op die feit dat nog die Sermones, nog die Epistulae van die skerp aanvallende en bytende aard is soos bv. die van sy voorganger Lucilius. Dit weerspieël intendeel 'n sag-geaarde en goedig-spottende houding van die digter. Nogtans lyk dit asof Horatius se eie opmerkings oor sy satire 'n bytende en baie skerper karakter daarau wil besorg as wat dit in werklikheid is (cf. Serm. II. i, 44 sqq.:

at ille

qui me conmorit (melius non tangere, clamo)

flebit et insignis tota cantabitur urbe).

Dit, volgens Hendrickson, is in volkome harmonie met die enge veralgemening van die antieke literêre kritiek: "It does not represent so much the momentary mood of the writer as it does the difference between the narrow generalizations of the literary criticism of antiquity and the wider facts of literary practice". So vind ons ook 'n mate van veralgemening in die eensydige formulering van Satire deur Varro, volgens Diomedes 'n "carmen male-dicum". Ook in Horatius se verwysings na Lucilius

in Serm. I. iv, kry mens die aanvaarde siening van die bytende en aanvallende karakter van die satire, hoewel hy in Serm. II, i wys dat hy waardering het vir totaal ander en beter aspekte in Lucilius as sy navolgers en kritici tot dusver. Hier speel Horatius ook met die aanvaarde opvatting van die polemiese karakter van die satire, en bedreig sy teëstanders op 'n satiriese wyse wat geheel vreemd is aan die ware karakter van Horatius.

"That only the smallest proportion of the satires of Horace betray even remotely a character of personal attack did not affect or modify the theory of satire" (19).

Persius karakteriseer Horatius wel volgens 'n baie gesonde oordeel, maar kan tog nie loskom van die tradisionele karakter van die satire nie, cf. Persius I. 107 sqq. Juvenalis verwarr ook die tradisie met die digter, want nadat hy al die skreione dinge wat in sy hart woel opgenoem het, sê hy (Juvenalis I, 45 sq):

haec ego non credam Venusina digna
lucerna, haec ego non agitem?

Hier dink Juvenalis ook waarskynlik eerder aan die stereotipe karakter van die satire as aan die ware karakter van die profeet van Venusia. By die bespreking van Serm. I. ix waarsku Fraenkel (20) dat mens die Sat. van Horatius nie moet beoordeel volgens maatstawwe wat die

satire van Juvenalis daarstel nie. „When we consider what a spate of acid certain satirists would have poured out on such an occasion, we once more realize that a Horatian satire can be very different from what we generally mean by satire".

Waar Horatius in sy satire (cf. Serm. I. iv) sy lewensopvatting terugvoer tot sy afkoms en opvoeding, en waar hy die begin van die verhouding met Maecenas skilder, verweer hy homself teen aanvalle of gevolgtrekings wat van buite gemaak word en op hom gemik word. Hierdie feit bring 'n nuwe aspek van die satire na vore, waarop Heinze wys⁽²¹⁾ en het betrekking op die selftekening in Horatius. Heinze onderskryf die bewering van Misch⁽²²⁾ dat daar 'n groot verandering gekom het in die filosofiese selfbetragting en selftekening met morele oogmerke met die opvatting van Seneca, nl. dat nie die abstrakte inhoud van die leer nie, maar die persoon van die opvoeder self sterker meewerk tot morele opheffing. So hou Seneca aan sy lesers 'nbeeld van homself voor in sy strewe na self-opheffing en morele volkomendheid. Maar Heinze voeg hier by dat wat Misch as iets nuuts beskou in hierdie geestesgeschiedenis by Seneca, alreeds by Horatius volkome, en selfs duideliker teenwoordig is:
 „Schon bei Horaz verbindet sich mit der Darstellung

inneren Erlebnisses der pädagogische Zweck, andere auf den gleichen Weg zu führen". Tereg sien Heinze hierin 'n unieke karaktertrek van Horatius se satire: „Sein ganzen Dichten drängt von Jugend an nicht so sehr darauf, die Aussenwelt zu erfassen und künstlerisch zu gestalten, als darauf, das eigene Ich unmittelbar zu manifestieren in geradem Gegensatz zu Vergil, Seine Krönung hat dies ganze Streben im Buck der Briefe gefunden; was früher halb unbewusst geschehen war, ist hier zum vollen Bewustsein gelangt (23).

Volgens E. Burck (24) gaan die vraag in die jongste tyd nie soseer oor die vreemde ideë, stellings en wysgerige sisteme wat die karakter van Horatius bepaal het nie, maar oor die eie bevindings en grondleggende beskouings wat Horatius daaromtrent ontwikkel het. F. Klingner (25) se ondersoek lê op hierdie terrein, maar dit was K. Büchner, Walter Wili en H. Hommel wat hierdie vraag in besonderhede nagegaan het, om te deurvors watter persoonlike neigings en ervarings sy karakter beheers het – „seine kritische Haltung die Distanz zu menschen und Dingen, der Sinn für das Gesunde und Massvolle, der Wille zu heilen, der ‚spirito ascetico‘ a.u.m." (26). By hierdie ondersoek gaan dit hoofsaaklik om twee dinge: Eerstens om die beskouing van Horatius se werke wat in

die verlede veelal deur 'n eensydige, histories-literêre verklaring geskei is in afsonderlike genres van Epode, Satire, Ode en Brieve „wieder unter einen gemeinsamen Blick zu bekommen und über die Schranken der Gattungen hinweg die verbindenden Entwicklungslinien der geistigen Ansätze und Ziele zu erkennen"; tweedens, om deur die digterlike getuienissoorte en vorme die eenheid van Horatius se persoonlikheid duidelik te maak.

In verband met die deurlopende ontwikkelingslyn sê Weinreich⁽²⁷⁾: „Bei Horaz herrscht organisches Wachstum", en Burck⁽²⁸⁾ vul dit aan soos volg: „Epoden und Satiren ergänzen einander und offenbarm nur verschiedene Formen der Weltbewältigung und Selbstklärung von dem gleichen personellen Zentrum aus". Daarby twyfel Burck daaraan of daar soveel jeugwerk en kenmerke daarvan in die satire teenwoordig is. Wat die eenheidsfaktor van satiriese elemente in al sy werke (wat ons by die voorafgaande ondersoek nagegaan het) betref, gee Burck 'n belangrike uitspraak teen die gangbare mening⁽²⁹⁾ wat volhou dat die satiriese gees gaandeweg by Horatius verdwyn het a.g.v. sekere invloede en tydsomstandighede⁽³⁰⁾: „Ich glaube auch nicht, dass sich Horaz im Verlauf der Satirendichtung von 'spirito satirico' befreit hat, wie Turolla behauptet. Aber das sind Nuancen oder Akzent-

verschiebungen, wie sie sich auch bei der verschiedenen Bewertung der Dominanten der Horazischen Persönlichkeit finden".

Die besef word in elk geval altyd duideliker dat Horatius die genres van Epode en Satire nie afgesluit het uit 'n gebrek aan stof of afname in satiriese gees of uit 'n behoefté aan nuwe vorme nie, maar dat, toe die digsoorte wat by beoefen het afgerond is en hul "Vollendung" bereik is, die tyd vir nuwe vorme noodsaaklik geword het. Daar bestaan talryke aanduidings in die latere satire, ook reeds in die Epode (Serm. II. vi; Ep. xi, xiii en xv) wat die oorgang tot die Ode voorspel. In hierdie 'organische Wachstun' maak die Epode, Sermones, Ode en Epistulae bepaalde fases uit in 'n lyn van ontwikkeling, en (wat vir dié ondersoek van belang is) in hierdie ontwikkelingslyn kom die satiriese uiting en doelstellings wat daarmee saamgaan in al die genoemde genres voor.

Klingner (31) sluit by sekere gedagtes van Wilamowitz, Reitzenstein, Heinze en andere aan wat betref die eenheidsgedagte in al Horatius se digwerke: „Dass die verschiedenen Gedichte und Dichtarten des Horaz zusammen etwas Einheitliches, in sich sinnvoll aufgebautes ausmachen!" Klingner is ook van mening dat ie-

mand wat eenmaal 'n eenheid in al die werke van Horatius gesien het, ook sy liriek anders sal verstaan as diegene wat dit as 'n volkome afsonderlike werk opsigself gaan beskou. „Gerade die Lyrik der zwanziger Jahre, also der ersten drei Odenbücher, mit der vorangehenden Epoden - und Satirendichtung in eins zu sehen ist wichtig und, wie es scheint, ungewohnt". Epode xvi bevat reeds die kern van Horatius se houding wat deurgaans nagespeur kan word, en wat sy satire verhef tot die hoë morele doelstelling wat nie summiere veroordeling, afwysing en aanval kan regverdig nie. Op watter terrein van die lewe ook al, soos veral die verskeidenheid van temas in die Satire bewys lewer, die digter vermaan, straf en gee lei-ding. Klingner stel dit so ⁽³²⁾: „Der Dichter tritt als prophetischer Führer vor die gegenwärtig gedachten Römer; rüttelt sie auf und zeigt ihnen den Weg zu ihrem Heile". En verder (p. 26): „Das ist aber wirklich, wie vorhin gesagt wurde, der Inbegriff dessen was Horaz in seinen späteren Gedichten tut. Immer wieder steht er in der Abwehr gegen eine Verkommenheit, etwas Ungesundes, Verderben drohendes, immer wieder weist er auf reine, gesunde, sichere Bezirke des Daseins hin, freilich ohne sie ins Raümliche zu verlegen".

Die houding van Lucilius dra in die eerste tien jaar ook by tot Horatius se afweer en sy waaksaamheid teen die „verkeerdheid". Daar is terselfdertyd ook 'n verandering in toon, wat Klingner soos volg stel: „Das Hassliche, Bedrückende wurde zum Lächerlichen; Unmut und Verzweiflung, wie sie sich in der sechzehnte Epode zeigen, mildern sich zur Ironie, zum urbanen Lächeln, zum nachdenklichen Scherzen ab".

Die hoëre doel wat in die satire, trouens al sy dig-werke nagestreef word, word in Serm. I. iv gestel. Daar verweer Horatius hom teen die opvatting van sy satire as 'n soort natuurlike skerts en aanval, en beweer dat sy satiriese opmerkings ook 'n tekening van die lewe is soos wat sy vader hom geleer het, om te dien tot selfvorming vir sover hy 'nbeeld gee van die verkeerde en daarom ook belaglike of dan lagwekkende lewe. Die ander sy van sy selfvorming, wat in die Ode en veral die Epistulae na vore kom, nl. die blik op die regte lewenshouding, kom hier nie direk na vore nie, maar daar is steeds 'n heenwysing na die hooftema van sy werke, nl. die „korrekte maat" soos gevorm deur 'n Epikureise lewenshouding. Getrou aan sy opvatting van die satire, word hierdie positiewe element nie direk uitgedruk nie. Aan die ander kant tree ook die verwyt, berisping en vingerwysing na

die verkeerde op die agtergrond, of liever, verdwyn dit in 'n omhulling. Hierdie betreklike humaniteit van die satire bring dit op die vlak van die Ode en Briewe, wat andermaal 'n bewys is dat die Horatius van die Satire ook die Horatius van die Ode is.

Die hoofonderskeid van die liriese genre van dié van die Epode en Satire is, dat die self-verwerende, -afwerende en -afkeurende houding teruggetrek word soos agter 'n skanswal en dat 'n positiewe houding merkbaar word (33). Maar, soos ons aangetoon het, bied ook die liriek nog geleentheid tot uitsprake oor goed en sleg. Hierdie nuwe vorm mag ook die wesenlike van sy ou neigings in sig opneem, en kan ook dit vervul wat die Epode en Sermones voorheen bereik het. Ons moet dus met Klingner (34) saamstem dat die een genre as 'n natuurlike ontwikkeling uit die ander ontstaan het: „Wenn das richtig ist, dann hat Horaz an dieser Stelle seines Wirkens nicht willkürlich oder mit bloss literarischer Folgericht ... die beiden Dichtarten der dreissiger Jahre mit einer neuen vertauscht, sondern eine wesentlich von der Mitte der geistigen Persönlichkeit her bestimmte einheitliche Entwicklung umfasst die Dichtung beider Jahrzehnte“. So speel dieselfde gedagtes wat in die Epode en Sermones te vind is, ook 'n gewigtige rol in die Ode, soos bv. die

element van „Lehre und Mahnung, die wenigstens mittelbar und negativ gewandt ein Hauptbestandteil der Satire sind, und das Bekenntnis des eigenen Lebensgefühls wachsen in die Lyrik hinein“ (35).

Juis hierdie nuwe elemente wat Horatius aan die satire besorg, nl. die openbaring van sy eie innerlike („das Bekenntnis des Eigenen Lebensgefühls“) en die self-vorming, besorg aan sy satire 'n plek in die lyn van ontwikkeling wat sy Epode, Ode en Epistulae insluit. Sy Brieue, soos aangetoon, bevat egter die rypste uitdrukking van hierdie hele kenmerkende kompleks van die Satire.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK IV.

1. A.D. Sedgewick, Horace, p. 46, 88.
2. Fraenkel, op. cit. p. 113.
3. U. Knoche, op cit. p. 49.
4. Duff, op. cit. p. 78.
5. Knoche, Die Römische satire, p. 50-51.
6. Knoche, loc. cit.
7. G.K. Strodach, Horace's individualism reconsidered.
The Classical Journal, Vol. xxxvi, Oct. 1940, p. 6.
8. Kiessling/Heinze, Satiren, p. xiii sq. cf. Fraenkel,
p. 13 sq.
9. W. Wili, Horaz und die Aug. Kultur, p. 20.
10. W. Wili, loc. cit.
11. Duff, op. cit. p. 83.
12. Kiessling/Heinze, Satiren, p. xvi.
13. Kiessling/Heinze, Satiren, p. 136. Hier is 'n ooreenkoms te bemerk met die Canidia van die Epode (Ep. 5) maar die satiriese behandeling van Horatius is hier duidelik te onderskei van die Epode. Kiessling wys daarop dat Canidia hier deur die komiese tekening van haar duiwelswerk belaglik gemaak word.
14. Kiessling/Heinze, loc. cit.
15. J. H. Bury, Horace's Personality and outlook on life as revealed in his Satires and Epistles. Greece and

- Rome, Vol. iii, no. 8, 1934, p. 70.
16. Van Rooy 1, p. 81.
 17. Duff, op. cit. p. 64.
 18. Hendrickson: Are the letters of Horace Satires?
American Journal of Phil., Vol. XVIII, 1897, p.
313 sq.
 19. Hendrickson, American Journal of Phil., Vol. XVIII,
p. 313 sqq.
 20. Fraenkel, Horace, p. 113.
 21. Kiessling/Heinze, Q. Horatius Flaccus, Briefen, p.
377.
 22. Georg Misch, Geschichte der Outobiografie, 1907.
 23. Kiessling/Heinze, Briefen, p. 378 sq.
 24. Kiessling/Heinze, Satiren. Nachwort van E. Burck,
p. 393.
 25. F. Klingner, Gedanken über Horaz, Antike V, 1929.
Hierin gevolg deur Turolla, Orazio, 1931; K. Büchner,
Antike XV, 1939; Walter Wili en H. Hommel.
 26. Kiessling/Heinze, Horatius, Satiren, p. 393.
 27. O. Weinreich, Römische Satiren, p. 393.
 28. Kiessling/Heinze, Horatius, Satiren, p. 50.
 29. As voorstander van hierdie mening haal Burck vir
Turolla aan, Orazio 1931.
 30. W.o. die insluiting by die kring van Maecenas, om-

gang met die hoogste persone in die Ryk, en die verwesenliking van 'n ideaal wat die Sabynse landgoed moontlik gemaak het.

31. F. Klingner, op. cit. p. 24 sqq.
32. F. Klingner, op. cit. p. 24.
33. F. Klingner, op. cit. p. 33.
34. F. Klingner, op. cit. p. 33.
35. F. Klingner, op. cit. p. 33.

BIBLIOGRAFIE.

A. Tekste en algemene werke.

1. BECK, F.A. Ueber das Wesen der horazischen Satire, Giessen. 1859.
2. BICKEL, E. Lehrbuch der Geschichte der Römischen Literatur, Heidelberg. 1937.
3. BRAKMAN, C. Opstellen over onderwerpen uit de Latijnsche letterkunde, Leiden. Bd. I. 1917, II. 1926, III, 1932, IV. 1934.
4. BÜCHNER, K. Römische Literaturgeschichte, Stuttgart. 1957.
5. BURGER, C.P. "Aere Perennius" - Scherts en ernst in die Ode van Horatius. Gravenhage, Marthinus Nijhoff, 1926.
6. CAMPBELL, A.Y. Horace, A New Interpretation, London. 1924.
7. D'ALTON, J.F. Horace and his Age; A study in Historical background. Longman's, London. 1917.
8. D'ALTON, J.F. Roman literary Theory and Criticism, A. Study in Tendencies, London. 1931.
9. DUFF, J. WIGHT Roman Satire, Its Outlook on Social Life, Cambridge. 1937.
10. DUFF, J. WIGHT A Literary History of Rome in the Silver Age. London. 1927.
11. DUFF, J. WIGHT A literary history of Rome, from the origens to the close of the Golden Age. London. 1953. 3e Ed.

12. ELAUT, L. Horatius, Satiren en Brieven.
Helios-reeks. Brugge-Amsterdam.
1951.
13. ENK, P.J. Het oorspronkelijk Element in
de Romeinsche Letterkunde.
Groningen. 1922.
14. ENK, P.J. Handboek der Latijnsche Letter-
kunde. Deel I. Zutphen. 1928.
15. ENK, P.J. Handboek der Latijnsche Letter-
kunde. Deel II. Zutphen. 1937.
16. FAIRCLOUGH, H.R. Horace, Satires, Epistles and
Ars Poetica. Loeb -uitgawe.
London. 1942.
17. FISKE, G.C. Lucilius and Horace, A Study in
the Classical Theory of Imitation.
Madison. 1920.
18. FRAENKEL, E.D. Horace. Oxford. 1957.
19. GLOVER, T.R. Horace, A return to Allegiance,
Cambridge. 1932.
20. HIGHET, G. Juvenal the Satirist, Oxford,
1954.
21. HIGHET, G. Poets in a landscape, New York.
1957.
22. HÖMMEL, H. Horaz, der Mensch und das Werk.
Heidelberg, Kerle. 1950.
23. JOHNSON, EDGAR A Treasury of Satire, New York.
1945.
24. KISSLING, ADOLF. Q. Horatius Flaccus, Oden und
Epoden, besorgt van Richard
Heinze, sechste Auflage. Berlin,
1960.

25. KIESSLING, ADOLF. Q. Horatius Flaccus, Satiren,
besorgd von Richard Heinze.
Siebente Aufl. Berlin. 1959
(Aangehaal as Kiessling/Heinze,
Horatius, Satiren.)
26. KIESSLING, ADOLF. Q. Horatius Flaccus, Briefe.
Sechste Aufl. Berlin 1959.
(Aangehaal as Kiessling/Heinze,
Horatius, Briefe.)
27. KNOCHE, ULRICH. Die Römische Satire. Berlyn.
1949. 2e aufl. Göttingen. 1957.
28. LAIDLAN, W.A. Latin Literature, New York. 1951.
29. LEO, F. Geschichte der Römischen Literatur. Bd. I. Berlyn. 1913.
30. NETTLESHIP, H. Lectures and Essays, Second Series. Oxford. 1895.
31. NORDEN, E. Die Römische Literatur, mit Anhang: die Lateinische Literatur im Übergang vom Altertum zum Mittelalter 6. Leipzig. 1961.
32. PAGE, T.E. Q. Horatii Carminum Libri iv, Epoden Liber. Macmillan, London. 1956.
33. PIWONKA, PUELMA M. Lucilius und Kallimachos: Zur Geschichte einer Gattung der Hellenistisch-römische Poesie. Frankfurt, 1949.
34. RIBBECK, O. Geschichte der römischen Dichtung. Stuttgart. 1887.
35. RICHARDS, W.J. Die Vercistes vir Romeinse Satireskrywing, met besondere verwysing na Juvenalis, Sat. I. M.A. Verhandeling, Univ. Pretoria,

1957.

36. ROSE, H.J. A Handbook of Latin Literature.
2e ed. London. 1949.
37. SCHANZ, M. Geschichte der Römischen Literatur
bis zum Gesetzgebungswerk des
Kaisers Justinian. Handbuch der
Klassischen Altertumswissenschaft,
herausgegeben von Iwan Müller,
Bnd. VIII, München. 1927-1935.
38. SCHRODER, R.A. Die Gedichte des Horaz. Wien.
1935.
39. SEDGEWICK, A.D. Horace. Cambridge. 1947.
40. TEUFFEL, W.S. Geschichte der römischen Litera-
tur, neu bearbeitet von W. Kroll
und Fr. Skutsch, 3 dele. Leipzig.
1916, 1920, 1913.
41. VAN ROOY, C.A. Die Oorsprong en Ontwikkeling van
die „Satura“ in die Latynse Let-
terkunde. M.A. Verhandeling,
U.O.V.S., 1947.
42. VAN ROOY, C.A. Probleme aangaande die Latynse
Satura met besondere Verwysing
na Samehangende Probleme in die
Griekse Letterkunde. D.Litt.
Proefskrif. U.O.V.S. 1950.
(Aangehaal as van Rooy 2).
43. VERRALL, A.W. Studies, literary and historical,
in the Odes of Horace. New York.
1924.
44. WEINREICH, O. Römische Satiren. Zurich. 1949.
45. WIELAND, H. Beobachtungen zur Bewegungs-
führung in den Satiren und Epis-

46. WILI, W. teln des Horaz. 1950.
 Horaz und die Augusteische
 Kultur. Basel. 1948.
47. WILKENSON, L.P. Horace and his Lyric Poetry.
 Cambridge. 1945.

B. Tydskrifte, Reeksverke en Ensiklopedie.

48. ANDERSON, W.S. Recent Work on Roman Satire.
 Classical Weekly, L. 1956. p.
 36-40. Fordham University,
 New York.
49. BURY, J.H. Horace's Personality and Out-
 look on Life as revealed in
 his Satires and Epistles.
 Greece and Rome III, 8. 1934.
 pp. 65-74.
50. ELMORE, J. Horace Satires II, l. 86. Clas-
 sical Review, 1919.
51. FAIRCLOUGH, H.R. Horace's view of the Relations
 between Satire and Comedy.
 American Journal of Philology
 XXXIV. 1913. Baltimore. pp.
 183-193.
52. HAHN, E.A. Horace, Sermones 1,3, 29-34 once
 more. Classical Weekly XV. 32.
53. HARTMAN, J.J. De Horatic Satirae II. 5, 103
 sqq. Mnemosyne. XLIV. pp. 428-
 430.
54. HENDRICKSON, G.L. Are the Letters of Horace
 Satires? American Journal of
 Philology, 1899. pp. 313-324.

55. HENDRICKSON, G.L. Satura quidem tota nostra est.
Classical Philology, 22. 1927.
p. 46 sqq.
56. HENDRICKSON, G.L. Horace, Serm. I. 4: A Protest
and a programme. American Journal
of Philology. 21, 1900.
p. 121 sqq.
57. HENDRICKSON, G.L. Satura, the genesis of a literary form. Classical Philology,
6. 1911. p. 129 sqq.
58. HENDRICKSON, G.L. The Dramatic Satura and the
Old Comedy at Rome. American
Journal of Philology, 15. 1894.
59. HIGHET, G. Oxford Classical Dictionary,
"satura", Oxford. 1953. p. 795.
60. JAHN, C. Satura. Hermes 2. 1867. p. 225
sqq.
61. KLINGNER, F. Horaz. Die Antike. 12, 1936.
Berlin. p. 65 sqq.
62. KLINGNER, F. Gedanken über Horaz. Die Antike
5. 1929. Berlin. pp. 23 sqq.
63. KNAPP, C. The Sceptical Assault on the
Roman Tradition concerning the
Dramatic Satura. American Journal
of Philology, 33. Suppl. 1912.
pp. 125 sqq.
64. KROLL, W. "Satura". Paulys Real-Encyclopädie der Classischen Altertumswissenschaft, Neue Bearbeitung
von Georg Wissowa. Herausgegeben von Wilhelm Kroll und K. Witte
Stuttgart. 1893-1939.
65. LEEMAN, A.D. Some Comments on Fraenkel's

66. MACKAY, L.A. Horace. *Mnemosyne* XI, 1958.
pp. 244-250.
67. MORRIS, E.P. Horace, Augustus and Ode I.2.
American Journal of Philology.
Vol. LXXXIII, 2. April, 1962.
Baltimore.
68. NOBREGA, V.L. DA. The form of the Epistles in
Horace. *Yale Classical Studies*
2, 1931. pp. 81-114.
69. REITZENSTEIN, R. Horazens Persönlicher Beitrag
zu den Satiren. Beitrag über-
reicht dem III. Internationalen
Kongress für klassische Studien,
31 Aug.-5 Sept. 1959. Brasil. 1959.
Zur Römischen Satire. *Hermes*, 1924.
p. 1-22.
70. RENNIE, W. *Satura tota nostra est.* *Classi-*
cal Review. 36. 1922. p. 21.
71. RUDD, N. Had Horace been criticized? A
Study of Serm. i,4. *American*
Journal of Philology. LXXVI. 1955.
pp. 165-175.
72. RUDD, N. The Poet's defence: A Study of
Horace, Serm. I.4. *Classical*
Quarterly 49, 1955. pp. 142-156.
73. STRODACH, G.K. Horace's individualism reconsidered:
A summary and analysis of Horace's
reflections on life and peace.
Classical Journal XXXVI. 1940,
pp. 1-19.
74. ULLMAN, B.L. Q. Horatius Flaccus, Professor
of Ethics. *Classical Journal*

XIII. p. 258 sqq.

75. VAN ROOY, C.A.

Oor die oorsprong en woordgeskiedenis van „Satire” as naam van 'n letterkundige genre. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Okt. 1952. (Aangehaal as van Rooy 1).

76. VAN ROOY, C.A.

Quintilian X. 1, 93 „Once more. Mnemosyne, Series IV, Vol. VIII, 4, 1956. pp. 305-310.

77. WEBB, R.H.

On The Origin of Roman Satire. Classical Philology. 7. 1912. pp. 177 sqq.

78. WEINREICH, O.

Zur Römischen Satire. Hermes 51, 1916. pp. 386 sqq.

79. WHEELER, A.L.

Satura as a generic term. Classical Philology. 7. 1912.